

A.2 OPENBARE GETUIENIS

A.2.1 VERSLAG VAN DIE MODERAMEN: *OPENBARE GETUIENIS*

1. GEWELD TEEN VROUE EN KINDERS

1.1 Die NG Kerk het aandag gegee daaraan om in die 16 dae-veldtogte aan die einde van elke jaar haar stem oor die saak te laat hoor.

1.2 Ds Elsje Büchner en dr Kobus Gerber het aan die einde van 2004 'n verklaring van die Moderatuur persoonlik gedurende die tyd van die veldtog aan die KBE se nuwe sentrum in Johannesburg oorhandig. Ds Büchner het ook namens die NG Kerk die saak aangeraak in 'n berig in Beeld: die inhoud daarvan is ook aan alle gemeentes gegee mdo op hantering by 'n erediens.

1.3 Die Moderamen het ook die volgende verklaring uitgereik met die verhoor van mnr Jacob Zuma op aanklagte van verkragting:

Die Moderamen van die Algemene Sinode van die NG Kerk het kennis geneem van die saak waarin mnr Jacob Zuma van verkragting aangekla word. Ons bevestig en erken dat die regsproses sy volle verloop moet neem en dat 'n aangeklaagde onskuldig is totdat hy of sy deur die hof skuldig bevind word. Die manier waarop die vermeende slagoffer en klaer egter in die proses hanteer word, is kommerwekkend. Dit is onaanvaarbaar dat daar toegelaat word dat die vermeende slagoffer deur groepe in die publiek verguis word, dat sy verbaal geviktimizeer word en dat haar identiteit nie beskerm word nie. In hierdie situasie word die klaer op die ou end die beskuldigde. Ons is ook bekommerd oor die negatiewe impak wat hierdie proses op ander slagoffers van verkragting en molestering mag hê. As dit moontlikhede is waaraan slagoffers wat hulle tot die hof wend, blootgestel word, sal dit hulle die vrymoedigheid ontnem om 'n regsproses te begin of selfs openlik oor hulle eie verkragting en molestering te praat. Dit kan ook die vertroue van slagoffers in die regsproses skaad. Die bevordering van 'n swygproses laat die skuldiges net vry om hulle bose daade voort te sit.

1.4 AANBEVELINGS: GEWELD TEEN VROUE EN KINDERS

1.4.1 Die Algemene Sinode spreek sy weersin uit teenoor elke geval waar 'n vrou of kind onder watter vorm van geweld ook al ly. Die Algemene Sinode wil elkeen wat gely het en steeds ly, verseker van voorbidding asook die sinode se verbintenis om die saak met wortel en tak uit te roei.

1.4.2 Die Algemene Sinode versoek sinodes om die gemeentes in hulle gebied toe te rus om die saak in elke deel van die gemeentelike bediening en samelewing te hanteer.

2. PARLEMENTÊRE LESSENAAR

2.1 VERSLAG VAN WERKSAAMHEDE VAN DIE LESSENAAR

2.1.1 Inleiding

By die Algemene Sinode van 2004 het die Sinode haar op die volgende manier verbind tot die werk van die Parlementêre Lessenaar (PL), wat op daardie stadium vanuit die sinodale struktuur van die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland bekostig en bestuur is:

*1 Besluiteregister F.2.1/14:

15.8 Die Sinode versoek die ADL (huidige ASM) om sterker amptelike betrokkenheid by die wetskrywende proses van beide provinsiale en nasionale parlements moontlik te maak.

*2 Besluiteregister F.2.1/17

PARLEMENTÊRE LESSENAAR

1 Die Algemene Sinode wil in beginsel voortgaan met die Parlementêre Lessenaar en beklemtoon die noodsaaklikheid daarvan.

2 Die Sinode verwys die saak van die moontlike Parlementêre Lessenaar na die beplande November-vergadering van die diensgroepe.

Hiermee is 'n vorige besluit om dit as 'n 50% pos te bestuur geleidelik tot uitvoering gebring. Die Parlementêre Lessenaar word prakties bedryf vanuit die *Sentrum vir Kommunikasie* van die Kaapse Sinode in Bellville. Die werk word gedoen in noue verband met die kantoor van die Algemene Sekretaris in Pretoria. Intussen het dit ook so ontwikkel dat die persoon verbonde aan die lessenaar ook verantwoordelik is vir Leer en Aktuele Sake van Wes-Kaap as PSD (skriba), asook die sameroeper van die Algemene Sinode se Taakspan vir Leer en Aktuele Sake. Die PL is direk verantwoordelik aan die Moderamen van die Algemene Sinode, asook die Moderamen van die Wes-Kaapse Sinode.

2.1.2 Werkwyse

2.1.2.1 Die PL funksioneer in samewerking met die lessenaars van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en die Katolieke Biskoppe-Raad. As 'n netwerk is hierdie totale kerklike parlementêre kantoor deel van groter kommunikasienetwerke om die proses van wetskrywing van die Nasionale Parlement te monitor en om dan amptelik skriftelike en mondelinge voorleggings te maak tot hierdie proses.

2.1.2.2 Die beginsels waarvolgens hierdie voorleggings en deelname gemaak word, word uiteengesit in die dokument met die titel **Die NG Kerk en die Grondwet**, wat deur die Moderamen voor hierdie sinode gelê word vir goedkeuring.

2.1.2.3 Die beginsel geld dus dat hierdie werk sover moontlik gedoen word met die ander kerke saam. Nie alleen is dit meestal beter om die ondersteuningsbasis vir 'n inset so breed as moontlik te maak nie, maar help dit ook die beperkte kapasiteit vir hierdie werk wat daar by die NG Kerk is. Indien die NG Kerk sou voel om liewer 'n eie voorlegging te maak omdat ons, óf nie saamstem met die kerklike voorlegging nie, óf omdat ons 'n ander perspektief wil stel op die saak, staan dit ons vry om te doen – sonder om die onderlinge samewerkingsverhoudings daardeur op die spel te plaas.

2.1.2.4 Mettertyd is besef dat sake waarvoor die NG Kerk se PL hom beywer, meestal ook ten bate van ander kerke van Gereformeerde belydenis gedoen word. So is gaandeweg ter wille van die ander kerke van die NG Familie beding oor sake soos die Wet op Toegang tot Inligting, Inkomstebelastingwet, Eiendomswetgewing, Openbare vakansiedae, ens. Toenadering tot die ander kerke is gesoek om te praat oor die bemagtiging van die PL om met goedkeuring amptelik namens die ander kerke op te tree. Op hierdie wyse het die ander kerke ook hierby betrokke begin raak deur middel van die Konvent van Reformatoriese Kerke en dit Tussen Kerklike Raad. Intussen het die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika besluit om selfs nouer betrokke te raak en amptelik sodanige besluit geneem by hulle Algemene Sinode in Januarie 2006. Beloftes om hierdie ondersteuning in monitêre terme te ondersteun, het nog nie gerealiseer nie.

2.1.2.5 Die PL se werksaamhede is dus deurlopend van aard en sal by tye baie intense werk verg, terwyl daar weer tye is dat daar in terme van die wetskrywende proses nie veel gebeur ten opsigte van wette wat die funksionering van die kerk raak nie. Intussen is daar egter talle werkswinkels oor sake wat in wetgewing neerslag sal vind wat landwyd gehou word en deur die PL se kantoor ge-koördineer word. Op hierdie manier vervul die PL 'n baie spesifieke rol in die verhouding van die kerk tot die staat. As deel van die publieke getuienis van die kerk, word dit dus gedoen in noue samewerking met die Algemene Sinode se kantoor, terwyl oor relevante sake met sinodes van die NG Kerk en ander kerke elektronies gekommunikeer word.

2.1.3 Ekumene en intergodsdienstige-betrokkenheid lei tot inisiatiewe

***1** Dis is vanselfsprekend dat hierdie werksaamheid sou meebring dat ekumeniese verhoudings uitermate belangrik is. Selfs ook intergodsdienstige strukture word deel van die konteks van die PL. Dit bring ook mee dat die amptelike strukture van die Algemene Sinode wat werk met ekumeniese betrekkings, asook intergodsdienstige betrekkings, in noue samewerking met die PL sal geskied. Dit is veral met hierdie interkerklike, intergodsdienstige samewerking wat die PL van die NG Kerk betrokke geraak het by ander inisiatiewe van nie-regeringsorganisasies. Dit het veral gebeur deur ons samewerking met die SARK.

***2** Hierdie inisiatiewe het 'n interessante oorsprong. Die verwagting ná 1994 was dat die toenemende welvaart van 'n deel van die bevolking vanselfsprekend sou vloei na die minderbevoorregtes. Dit het egter nie gerealiseer nie. In der waarheid het die inherente verstek-verstelling (*default*) van die mens tot gevolg gehad dat die rykes deur middel van hulle verkreeë welvaart meestal net ryker geword het, terwyl die armes nie noodwendig gedeel het in die ekonomiese groei van die land nie. Hierdie diskrepansie (afstand tussen ryk en arm), aangedui deur die *gini*-koëffisiënt, is ongetwyfeld een van die belangrikste faktore wat daartoe aanleiding gee dat daar onder minderbevoorregtes 'n gevoel van frustrasie ontstaan het; dat hulle ervaring van 'n gebrek aan menswaardigheid tot sosio-maatskaplike probleme lei wat tipies is van 'n armoedekonteks. Onlangse wêreldwye opnames het getoon dat Suid-Afrika die tweede-hoogste *gini*-meting het. Daar is miskien baie ander lande waar daar groter armoede is, maar die verskil tussen ryk en arm is daar nie so krities wyd nie.

***3** So het daar dan oor die jare 'n koalisie ontstaan tussen die arbeidsektor (met name die vakbondorganisasie *Cosato* en 'n groot getal nie-regeringsorganisasies onder die naam van *NANGOCO*) en die *SARK* oor arbeidsvraagstukke. In hierdie proses het dit duidelik aan die lig gekom dat 'n vrye ekonomie binne 'n liberale demokrasie inherent nie sonder meer die ideaal van die groei van die ekonomie op 'n natuurlike wyse kan verwesentlik nie. Oor die afgelope dekade het die ekumeniese kerk ook by hierdie koalisie betrokke begin raak en het toenemend kritiese stemme opgegaan oor hierdie wesentlike gevaar in die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Dit het aanleiding gegee tot 'n aantal inisiatiewe, soos onder andere die koalisie se werk aan die *Basiese Inkomste Toelaag (BIG: Basic Income Grant)*, *Peoples Budget Campaign* en die *Benchmark Foundation*.

2.1.3.1 Basiese Inkomste Toelaag (BIG)

***1** Die hele idee van hierdie inisiatief is dat aan alle burgers van Suid-Afrika 'n basiese maandelikse toelaag gegee sal word. Vir baie lank is daar gewerk met 'n syfer van R100 per persoon per maand. Die filosofie hieragter is dat dit die werklike arm mense ten minste die moontlikheid sou bied om byvoorbeeld vervoer te bekostig om werk te soek, basiese voedsel te bekom en hulle binne bereik van basiese gesondheidsorg sou plaas. Ten minste het hulle dan R100 per maand. Nou het hulle niks nie. By meer vermoënde mense, weer, sal die toelaag outomaties deel wees van hulle belasbare inkomste en dienooreenkomstige aanslag. As sodanig kom die bedrag dus gedeeltelik na die tesourie terug. Hierdie stelsel is natuurlik veel meer

ingewikkeld en verfynd as wat hier aangebied word – en sou dit, sover dit die alliansie aanbetref, deel vorm van 'n veel meer omvattende ekonomiese plan vir die staat.

*2 Dit is egter verstaanbaar dat daar vanuit die oord van sommige prominente ekonome (waarby die regering dan self ook aangesluit het) ernstige vraagtekens oor die uitvoerbaarheid van BIG is. Sover ons kennis strek, is daar net twee ander lande in die wêreld wat so 'n stelsel bedryf – in beide gevalle vanuit sterk gevestigde eerste-wêreldse ekonomieë. Dit is dus 'n vraag hoe dit moontlik gaan wees vir 'n relatief jong (Afrika-) ekonomie om met so 'n algemene toelaag aan alle mense vol te hou? Daar word ook deur kenners aan beide kante van die argument, daarvoor en daarteen, verskillende voorstellings oor die praktiese (administrasie) en ekonomiese uitvoerbaarheid al dan nie van so 'n sisteem gemaak.

*3 Mens behoort ook in alle regverdigheid (en die BIG-alliansie doen dit dan ook) erkenning aan die staat te gee dat daar oor die afgelope aantal jare in die begroting vir die uitbreiding van toelaes ruim voorsorg gemaak is (kinders, ongeskiktheid, ou mense, pleegsorg) – tot so 'n mate dat dit alreeds tot 'n aansienlike verligting van die nood van armoedegemeenskappe gelei het. Daardeur is alreeds van die leemtes wat deur BIG as 'n totale ekonomiese pakket aangespreek wil word, in 'n mate aangespreek.

*4 Maar die hele kwessie van 'n middele-toets, wat tans geld vir die kwalifisering vir toelaes, is egter 'n hoogs emosionele saak binne die konteks van die alliansie, aangesien dit volgens hulle 'n verdere knou vir die menswaardigheid van diegene inhou wat alreeds niks het nie. 'n Mens behoort hierdie emosionele ervaring nie te onderskat nie. Daarom (in die geval van BIG) die aandrang op 'n onvoorwaardelike (algemene) toelaag vir alle mense. Omdat ons hier te doen het met 'n saak wat vanuit die navorsing oor ekonomiese sisteme en filosofieë vanuit verskillende hoeke benader word, weet ons dat ons met 'n komplekse saak te doen het.

*5 Die taakspan *Profesie oor Profyt* het egter op 14 Maart 2006 die Moderamen (ASM) hieroor van advies bedien en die volgende as die standpunt van die NG Kerk geformuleer:
The Dutch Reformed Church accepts that society has a God-given responsibility to help those who cannot help themselves. All those who are utterly destitute must receive something to enable them to start helping themselves. The market economy cannot help them because those who do not eat cannot sell their labour. Therefore we support the idea of a safety net of last resort as encapsulated in a basic income grant or something similar. We have noted that some Christian organisations and other groups with a strong social conscience have aligned themselves to influence Government to institute a basic income grant (BIG) for every citizen of South Africa. We support this in principle. However, we are aware that BIG is no solution to poverty as such. It can best be seen as a stepping stone to more effective and sustainable means to eradicate poverty such as education. Education is an important entrée into economic life. We realise that large scale social interventions such as BIG may have unforeseen and unintended consequences. Therefore, the debate on the practicalities of BIG has not been conclusively settled according to our limited understanding of the matter. The moderamen (=working committee of the General Synod) is pursuing its research and discussions on this issue and plan to meet economists who are in favour of, as well as against, the idea in the near future.

2.1.3.2 Peoples Budget Campaign

*1 BIG hang nou saam met die *Peoples Budget Campaign* (PBC) waarin gepoog word om die staat tot verantwoording te roep in terme van sy ekonomiese beleid en die belofte om armoede konstruktief aan te spreek. Hierdie inisiatief moet ook gesien word teen die agtergrond van die stryd teen apartheid wat die nuwe demokrasie voorafgegaan het en waarin die onderneming toe gemaak is dat die land in die nuwe bedeling aan die mense behoort – en dat daar dus meer inspraak deur die gewone burger sou wees in begrotingsake as wat die sisteem op daardie stadium toegelaat het. Baie het egter gemeen dat hierdie ideaal nie in die praktyk verwesentlik is nie en dat die vraag na die prioriteite van die owerheid, wanneer die nasionale begroting jaarliks opgestel word, veel te wense oorlaat. Die PBC het dus ten doel om inspraak te lewer ten opsigte van die bepaling van hierdie prioriteite en wil sodoende toesien dat sake soos opvoeding en onderwys, basiese gesondheidsdienste (waaronder die uitdagings van HIV/Vigs), en die komplekse uitdagings van werkloosheid en armoede, aangedui sal word as hoër prioriteite as byvoorbeeld die verdediging van die land (waaraan daar volgens hulle te veel geld gespandeer word).

*2 Die onderliggende argument hier is dat, indien die vryemark-ekonomie sy vrye loop neem en daar wel ekonomiese groei kom, dit nie noodwendig beteken dat dit tot voordeel van die armes sal strek nie. Daarvoor is die armoede-konteks te gekompliseerd. Daar moet dus 'n ingreep kom in die sisteem. Die PBC wil dit deur middel van die begroting doen – en daag as't ware elke jaar die begroting van die regering uit deur 'n alternatief daar te stel.

*3 Uit die notule van die *Algemene Sinode Moderamen* (ASM) van 14 Maart 2006 kom die volgende besluit oor die PBC:

3.3 Ten opsigte van die People's Budget Campaign, wil die NG Kerk hom graag vereenselwig met die kritiese aandag wat daar vanuit die kring van die SA Raad van Kerke aan ekonomiese sake en veral die nasionale begroting gegee word. Die NG Kerk is ten gunste van 'n ontwikkelingsgedrewe begroting wat veral op die behoeftes van arm mense in die land gerig is.

3.4 Die Moderamen beskik egter nie oor die kundigheid om op alle aspekte van People's Budget kommentaar te lewer nie en stem ook nie noodwendig met alle standpunte wat in die People's Budget 2006 -2007 -dokument vervat word, saam nie.

2.1.3.3 Maatskaplike-dienste

Die NG Kerk is in 'n baie gunstige posisie om met sy gemeente- en sinodale-strukture (met inbegrepe die maatskaplike sorg-dienste en maatskaplike werk-dienste, wat oor jare uitstekende diens gelever het) vanuit 'n holistiese (omvattende) benadering die uitdagings van ekonomiese en sosiale geregtigheid aan te spreek - as 'n geleentheid tot getuienislewering: Daarmee dan ook die bevestiging van die integriteit van die kerk wat volgens die Evangelie van Jesus Christus wil lewe. Hierdie saak sal binne die volgende jare intense aandag moet verg van die kerk om te help om op plaaslike vlak deel te wees van 'n netwerk van sektore wat op plaaslike vlak konstruktief betrokke is by gemeenskapsontwikkeling.

2.1.4 Spesifieke sake waarby die kerk betrokke was/is

2.1.4.1 Skriftelike en mondelinge insette is gelever by verskeie portefeulje-komitees van die Parlement. Hier word die volgende genoem: Inkomstebelasting, Openbare Vakansiedae, Eiendomsbelasting, Burgerlike Verbintenisse, die Skolewet (godsdien en onderwys), die Kinderwet en die wetsontwerp op Seksuele Misdrywe (wat saam met die kinderwet gelees moet word), en Wet op Kredietbeheer.

2.1.4.2 In hierdie verband is dit ook belangrik om te let daarop dat alle sake wat oor Maatskaplike wetgewing gaan in die vervolg deur ds Willie van der Merwe in die Algemene Sinode se kantoor hanteer sal word, terwyl die ooreenkoms nog steeds geld dat dr Gustav Claassen (vroeër vanuit die Algemene Jeugkommissie, maar nou binne die strukture van die ADGO) verantwoordelikheid vir alle sake rakende die Onderwys neem.

2.1.4.3 Deurlopend word daar werkswinkels gehou oor sake van toekomstige wetgewing. Sulke werksvergaderings is bygewoon oor die ekologie, stamselnavorsing, genadedood, homoseksualiteit, kinderpornografie, ens. Die fokus van hierdie werkswinkels is die wyse waarop wetgewing oor hierdie sake tans in ander lande hanteer word en waarna opgelet behoort te word in terme van ons eie proses hier in Suid-Afrika onder ons huidige Grondwet.

2.1.5 Probleme met kapasiteit

2.1.5.1 Op hierdie stadium beskik die Konvent van Gereformeerde kerke, die TKR en familie van NG Kerke oor 'n halwe pos vir hierdie werk. Die SARK het net een persoon in die pos nadat Douglas Tilton na Johannesburg verplaas is om aan die organisasie se kommunikasiestrukture spesifieke aandag te gee. Ons behou gelukkig nog sy dienste ten opsigte van die voortgaande bedinging by SAID oor die inkomstebelasting wetgewing, asook by die departemente wat betrokke is by eiendomsbelasting (en hoe dit die kerk raak).

2.1.5.2 Die Rooms-Katolieke Kerk beskik oor 7 persone in hulle parlementêre kantoor, waarvan 5 voltyds besig is met navorsing. Hulle hulp is op hierdie stadium van onskatbare waarde, veral met betrekking tot die monitering van die totale wetskrywende prosesse. Ons sou gemaklik 4 persone voltyds besig kon hou met hierdie werksaamheid van die NG Kerk. Die sinode moet dus verstaan dat die kapasiteitsprobleem onmoontlike druk plaas op die PL van die NG Kerk. Nogtans is 'n mens bly vir wat wel gedoen kan word om 'n konstruktiewe verskil te maak aan die toekoms van ons land.

2.2 DIE NG KERK, DIE GRONDWET EN DIE WETSKRYWENDE PROSES

Vgl pt 3.4 hier onder

2.3 WETTIGING VAN GAY HUWELIKE

2.3.1 Die Appèlhof het op 30 November 2004 'n positiewe uitspraak gegee in die appèlaansoek *Fourie en Bonthuys*. Die Moderatuur het op 1 Desember 2004 reageer met die volgende verklaring:

1. Die Moderatuur van die NG Kerk het kennis geneem van die persberigte oor 'n waterskeidings-hofuitspraak rakende hierdie aangeleentheid.
2. Die NG Kerk sal kommentaar lewer nadat ons die volledige teks van die hofuitspraak bestudeer het. Ons meen dit is die verantwoordelike weg.
3. Graag bring ek net weer die besluit van die NG Kerk oor die huwelik onder aandag wat geneem is in die konteks van die besluite oor homoseksualiteit: *Volgens ons verstaan van die Skrif kan slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou word (vgl Handeling Algemene Sinode 2002 bl 624 en Handeling Algemene Sinode 2004 F.1.9 pt 3).*

2.3.2 Die uitspraak van die Appèlhof is in die Konstitusionele Hof bestry deur verskeie rolspelers, onder andere die Marriage Alliance of South Africa (MASA). MASA het die NG Kerk se ondersteuning gevra vir die saak voor die Konstitusionele Hof. Die Moderamen het die volgende besluit oor MASA en die saak voor die Konstitusionele Hof geneem:

**1 Volgens ons verstaan van die Bybel kan slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou word. Daarom wil die Moderamen van die Algemene Sinode van die NG Kerk in soverre as wat hierdie beginsel ter sprake kom, sy stem voeg by dié van die Marriage Alliance of South Africa in die saak wat op 17 Mei 2005 voor die Konstitusionele Hof dien. Die Marriage Alliance kan moontlik as 'n amicus*

curia tot die hof toegelaat word. Die Moderamen doen dit sonder om hom by voorbaat of noodwendig met elke argument wat ten gunste van die saak van die Marriage Alliance in die hof gebruik sal word, te vereenselwig. Die Moderamen wys daarop dat die Algemene Sinode nog besig is met studie oor die aanvaarbaarheid al dan nie van vaste homoseksuele verhoudinge.

*2 Soos die Algemene Sinode van 2004, erken die Moderamen dat daar aspekte van die debat oor homoseksualiteit is wat dit gekompliseerd maak en wat juis daarom vir diepe besinning vanuit die Bybel én wysheid in die kerk se hantering van die saak vra. Die Moderamen betreur die liefdelose optrede teenoor homoseksueles asook die gebruik van homoseksuele gedrag vir die skep van openbare sensasie. Terselfdertyd wil die Moderamen hom uitspreek téén enige ketterjag op persone van watter oortuiging ookal in die debat. Omdat die debat die plek van mense in die gemeenskap raak, moet dit van alle kante met liefde, verdraagsaamheid en pogings om mekaar werklik te begryp, gevoer word.

*3 Die Moderamen is daarvan oortuig dat die huwelik, Bybels gesien, slegs tussen een man en een vrou kan wees. 'n Beroep word dus op die hof gedoen om hierdie beginsel en tradisie (wat wyd loop in die Christelike gemeenskap) te erken. Indien die hof oordeel dat daar kragtens die Handves van Regte in die Suid-Afrikaanse Grondwet egter wetlike erkenning aan 'n kontrak tussen twee lede van dieselfde geslag wat in 'n permanente verhouding betrokke is, gegee moet word, behoort dit iets anders as 'n huwelik genoem te word.

2.3.3 Die Konstitusionele Hof het in Desember 2005 besluit dat die staat die huwelikswetgewing so moet aanpas dat ook voorsiening vir gay huwelike gemaak word. Die staat is een jaar gegun om dit in plek te kry anders word die uitspraak van die Konstitusionele Hof by verstek die wet. Melding moet ook gemaak word dat die herskrywing van die totale huwelikswetgewing al lank op die agenda van die staat se strukture is maar dat dit aaneen gesloer het.

2.3.4 Met die oog op die proses wat die Konstitusionele Hof se uitspraak gestalte moet gee, het dr Ben du Toit die Moderamen by verskeie geleenthede ingelig oor hoe die wetskrywende proses werk, en ook hoe die proses oor die beoogde huwelikswetgewing hanteer word. Die Moderamen was ook gelukkig met die beginsels wat dr Ben du Toit in die verband voorgelê het.

2.3.5 Toe die konsep van die beoogde Wet op Burgerlike Verbintenisse verskyn, het die SARK 'n reaksie oor die voorgenome wetgewing voorberei. Die NG Kerk sou hom nie met bepaalde standpunte daarvan kon vereenselwig nie. In die lig hiervan het dr Ben du Toit begin werk aan 'n voorlegging in deurlopende konsultasie met dr Kobus Gerber.

2.3.6 Die NG Kerk het op baie kort kennisgewing kennis gekry van 'n finale sperdatum vir die inlewer van voorleggings aan die Parlementêre Portefeuljekomitee Binnelandse Sake. Die beoogde voorlegging is as dringende saak aan die Moderatuur voorgelê. Drr Gerber en Du Toit het die mandaat van die Moderatuur gehad om die voorlegging te maak. Die voorlegging is ook op die NG Kerk se webblad geplaas saam met 'n begeleidende brief vir die kerk om die tegniese voorlegging te verduidelik.

2.3.7 Dr Kobus Gerber het die voorlegging op 17 Oktober 2006 aan die Portefeuljekomitee voorgedra. As inleiding tot die tegniese dokument is die NG Kerk se standpunt oor 'n huwelik asook die feit dat die NG Kerk eers by die 2007-Sinode haar verslag oor homoseksualiteit hanteer duidelik gestel. Die verslaggewer wat die berig geskryf het wat die verwarring veroorsaak het, was nie teenwoordig nie en het hierdie feite nie weergegee nie.

2.3.8 Die Moderatuur het die reaksie hanteer deur twee verklarings uit te reik: 18 Oktober en 27 Oktober 2006:

*1 18 Oktober 2006

PERSVRYSTELLING: DIE NG KERK EN DIE VOORGESTELDE HUWELIKSWET/WET OP SIVIELE VERBINTENISSE

Berigte in die media op 18 Oktober 2006 ten opsigte van bogenoemde saak en die NG Kerk se voorlegging is in sommige gevalle ongenuanseerd en gee nie altyd die feite van die NG Kerk se voorlegging volledig weer nie.

Die volgende feite, wat in die voorlegging onderstreep is, word weer deurgegee ter wille van duidelikheid:

1. Die NG Kerk sien die huwelik as die verbintenis tussen een man en een vrou met uitsluiting van ander.
2. Die NG Kerk hanteer by haar Algemene Sinode 2007 'n verslag oor homoseksualiteit. Die besluite van 2004 is die NG Kerk se standpunt.
3. Die voorlegging aan die Parlementêre Portefeuljekomitee handel oor voorgestelde wetgewing wat problematies is en diskriminerend kan wees. Dit kan negatief op kerke soos die NG Kerk impakteer itv ons regte in die lig van die Handves vir Regte ten opsigte van ons siening van die huwelik, gesin en regte van huweliksbevestigings.
4. Ons voorlegging

- het nie gay-huwelike per sé beredeneer of bepleit nie

- het gewys op talle probleme in die voorgestelde wetgewing – wat ook die regte van die NG Kerk raak.

Ons het gewys dat die eintlike saak 'n konstitusionele een is wat regte aantast – dié van die NG Kerk en van gays en van ander godsdiensgroepe wie se huwelike ook nie op die oomblik erken word nie. Terwyl die

staat reeds bepaalde regte aan gay-verbintenisse toegeken het by wyse van die uitspraak van die Konstitusionele Hof, was ons bedoeling om seker te maak dat die NG Kerk en ander kerke/groepe die reg behou dat ons van 'n huwelik binne ons definisie daarvan kan praat.
- het gevra dat die wetgewing terugverwys word vir 'n deeglike hersieningsproses (die tyd vir 'n deeglike wetskrywingsproses was te min), en dat voorlopige voorsiening in die Huwelikswet vir die regte van gays gemaak word (dit sal in elk geval gebeur agv die Konstitusionele Hof se beslissing indien wetgewing teen 1 Desember 2006 nie reg is nie.)

Die volledige teks van die NG Kerk se voorlegging en die begeleidende brief wat daarmee saam gelees moet word, is beskikbaar by www.ngkerk.org.za. Dit was al 'n week gelede beskikbaar. Die voorlegging is ook op video as deel van die parlementêre rekords beskikbaar.

Dit is jammer dat 'n komplekse konstitusionele beredenering in die media nie weldeurdag weergegee is nie en ongelukkigheid in die geledere van die NG Kerk mag veroorsaak het.

*2 27 Oktober 2006

VERKLARING VAN DIE MODERATUUR VAN DIE NG KERK OOR MISVERSTANDE TEN OPSIGTE VAN DIE VOORLEGGING AAN DIE PARLEMENTÊRE PORTEFEULJE KOMITEE RAKENDE WETGEWING OOR HUWELIKE EN BURGERLIKE VERBINTENISSE

Die moderatuur wil graag perspektief gee oor misverstande rakende die voorlegging wat gemaak is oor huwelike en burgerlike verbintenisse.

1. Ons wil die Algemene Sinode van die NG Kerk se standpunt oor die Christelike huwelik duidelik stel: "Dit is 'n verbintenis tussen een man en een vrou." Hierdie standpunt het nie verander nie en kan nie verander word deur individue of selfs 'n moderamen nie. Terwyl die kerk besig is met ernstige besinning oor homoseksualiteit, beteken dit nie dat die kerk gay-huwelike goedgekeur het nie. Enige ander indruk wat in hierdie verband gewek sou kon word, is verkeerd.
2. Ons het die geskrewe voorlegging en die mondelinge beredenering wat dit vergesel het, weer nagegaan en is gerus dat die kerk se standpunt oor 'n Christelike huwelik duidelik gestel is. Dit is beslis ook nie so dat die voorlegging gay-huwelike bepleit nie. Terwyl die voorlegging die staat se reg erken om op grond van die Grondwet ook andersoortige huwelike of verbintenisse te wettig, is daar beslis nie kerklike of Skriftuurlike sanksie daaraan gegee nie.
3. In die voorlegging is gevra vir 'n totale herskryf van die wet sodat duidelik onderskei kan word tussen verskillende soorte verbintenisse. Daar is gevra dat a) die identiteit van 'n Christelike huwelik bewaar en erken sal word;
b) Christelike kerke nie gedwing sal word om huwelike of verbintenisse te bevestig waarvoor hulle nie kans sien nie; en
c) billikheid en regverdigheid voor die reg gegee word aan alle gelowe en oortuigings.
4. Toe die Konstitusionele Hof destyds aandag aan die wettiging van gay-huwelike gegee het, het die Moderamen van die NG Kerk sy etiese voorbehoude op grond van die Skrif bekend gemaak en uitdruklik versoek dat die verbintenis nie 'n huwelik genoem word nie. 'n Verklaring hieroor is reeds in Mei 2005 uitgereik.
5. Die kerk moet van tyd tot tyd standpunte oor moeilike sake inneem. In sulke tye bind die Woord, die belydenis, en ons gemeenskaplike geloof in Christus ons saam. Daarom roep ons, ons gemeentes, predikante en lidmate op tot rustigheid en oorwoë oordele.

2.3.9 Die saak is deur die Moderamen hanteer by die vergadering van 6 November 2006 waar die Moderamen besluit het om die verklaring van die Moderatuur van 27 Oktober 2006 te onderskryf. Die Moderamen het weer op 29-30 Januarie 2007 aan die saak aandag gegee toe 'n antwoord formuleer is vir twee groepe wat 'n direkte antwoord van die Moderamen self vereis het. In die antwoord is die hele saak breedvoerig verduidelik. Die antwoord word hier weergegee:

Geagte Broers en Susters

Baie dankie vir julle brief aan ons waarin julle sekere vrae vra oor die Voorlegging van ons kerk aan die Parlementêre Portefeuljekomitee oor die Wetsontwerp op Burgerlike Verbintenisse. Ons waardeer dit baie. Julle brief het ons weer indringend na die inhoud en prosedure van die voorlegging laat kyk. Dankie daarvoor. Ons antwoord soos volg:

1. Ons voorlegging het 'n **voorgeskiedenis**. Toe die Konstitusionele Hof in 2005 verklaar het dat 'n verbod op gay-huwelike teen die grondwet en die Handves van Menseregte is, het die Moderamen 'n verklaring daarvoor uitgereik. In die verklaring het ons op grond van ons eie sinode se besluit van 2004 duidelik gesê dat ons op grond van ons Bybelse oortuiging die huwelik beskou as die verbintenis tussen een man en een

vrou. Ons het ook uitdruklik gevra dat as die staat een of ander soort erkenning daaraan wil gee, dit nie 'n huwelik genoem sal word nie.

Op grond van advies en eie oortuiging het ons nie die pad gevolg om in hierdie voorlegging 'n verandering in die Handves van Menseregte en dus van die Grondwet te vra nie. Dit sou die enigste manier wees om die reëling van die Konstitusionele Hof te keer. Die Handves van Menseregte beskerm fundamentele regte binne 'n deelnemende demokrasie en is die basis waarop die samelewing funksioneer. Dit sou sleg wees as daar 'n patroon ontwikkel dat die Handves van Menseregte gereeld en maklik gewysig word.

Hierin het ons voorlegging van ander Christelike groeperings verskil. Ons het wel ons profetiese stem laat hoor so ver as wat die 2004-besluit van die Algemene Sinode oor die huwelik, as die verbintenis tussen een man en een vrou, dit vir ons moontlik gemaak het. Oor die gay-kwessie en gay-verhoudings self kon ons nie namens die kerk 'n sterk prinsipiële argument inneem nie. 'n Besluit hieroor gaan eers by die volgende Algemene Sinode na aanleiding van die verslag van die Taakgroep vir Homoseksualiteit geneem word.

2. Met die voorlegging wou die NG Kerk, sonder om sy profetiese stem te temper, ook erkenning aan die staat gee dat hy binne ons konstitusionele bestel aan almal reg moet laat geskied. Dit kon verwarring veroorsaak het, omdat van die ander kerke net hulle profetiese stem laat hoor het en ander groeperings weer slegs die reg van die Grondwet verdedig het. Oor hierdie standpunt wat ons ingeneem het, erken ons, kan 'n mens verskillend dink. Daar moet wel in gedagte gehou word dat die wetskrywende proses iets totaal anders is as 'n sinodale gesprek waar dit bloot oor teologiese standpunte gaan. Dit moet 'n mens altyd in ag neem.

3. Ons sal die eerste wees om te erken dat die voorlegging op meer as een punt waarskynlik anders gestel kon gewees het. In antwoord op spesifieke vrae die volgende:

3.1 Ons erken die onderskeie funksies van staat en kerk soos dit in ons Belydenisskrifte vervat is. As die indruk met sekere formuleringe in die voorlegging geskep is dat die Bybel ondergeskik is aan die Grondwet, is ons jammer daaroor. Uiteraard is dit nie wat die verslag wou sê nie. Ons getuig gereeld teenoor die staat en het dit ook al met ander parlementêre voorleggings gedoen [bv ten opsigte van die Onderwyswet, Kinderwet ens]. Ons besef dat ons in die toekoms in sulke voorleggings duideliker moet onderskei tussen 'n deel waarin ons duidelik oor die Skrifwaarheid getuig en 'n tweede deel waarin ons deelneem aan die meer tegniese gesprek oor die spesifieke saak. Dankie dat julle ons dit duideliker laat insien het.

3.2 'n Tweede punt van kritiek oor die voorlegging het te make met ons ondersteuning daarvan dat daar net een wet op Burgerlike Verbintenisse sal wees waarin tussen verskillende kategorieë verbintenisse onderskei word. Ons erken dat op die keper beskou hierdie formulering nie goed is nie en hom leen tot misverstand. Baie mense het daaruit verkeerdelik afgelei dat die voorlegging eintlik die staat aanmoedig om gay-verbintenisse te wettig. Dit is sekerlik nie die bedoeling van die stuk nie. Ons erken bloot die reg van die staat om in terme van die grondwet en Handves van Menseregte so iets te doen. Om hierdie misverstand uit te klaar, het die Moderatuur in sy verklaring op 27 Okt 2006 die NG Kerk se standpunt oor die Christelike huwelik weer duidelik gestel. In punt 3 van die Verklaring word duidelik gesê dat gevra is vir die totale herskryf van die wet sodat a) die identiteit van 'n Christelike huwelik bewaar en erken sal word, b) Christelike kerke nie gedwing sal word om huwelike of verbintenisse te bevestig waarvoor hulle nie kans sien nie en c) billikheid en regverdigheid voor die reg gegee word aan alle gelowe en oortuigings. Ons is regtig jammer dat hierdie aspek soveel misverstand en onrustigheid by baie mense veroorsaak het. Ons wil vir u die versekering gee dat in verdere gesprekke met die owerheid oor die huwelikswet [wat beslis weer sal plaasvind] ons sal seker maak dat daar geen misverstand hieroor is nie. U het ons hiermee ook gehelp.

3.3 'n Verdere vraag het te doen met die mandaat van Dr Ben du Toit en Dr Kobus Gerber om die voorlegging te maak. Hulle het in terme van hulle werksopdrag opgetree en het die mandaat van die moderatuur gehad om die voorlegging te maak. Die ASM het geen direkte inspraak in die voorlegging gehad nie. Die rede was dat die sperdatum vir die voorlegging vervroeg is en dit nie moontlik was om 'n behoorlike vergadering te hou om dit in detail te bespreek nie. Dit is normale prosedure dat die Moderatuur in sulke gevalle die volle verantwoordelikheid neem. Op die daaropvolgende vergadering van die ASM is die Verklaring van die Moderatuur van 27 Oktober 2006, wat die intensie met die Voorlegging duidelik stel, onderskryf. Die twee persone se integriteit is ook nooit deur die Moderamen bevraagteken nie. Inteendeel.

3.4 'n Laaste vraag het te make met 'n moontlike poging tot beïnvloeding van die werk van die Taakspan vir Homoseksualiteit van die Algemene Sinode. Enige suggestie dat die voorlegging bewustelik of onbewustelik hierdie Taakspan se voorlegging aan die Algemene Sinode wou beïnvloed, is heeltemaal onwaar.

Vir ons as Moderamen in 'n nuwe landsbestel is hierdie manier van met die staat gesprek te voer ook nog nuut. Ons het in hierdie proses baie geleer. Ons het 'n proses in werking gestel wat sal seker maak dat toekomstige gesprekke met die staat beter hanteer word

Hartlike groete in Christus

Coenie Burger [Namens die Moderamen]

3. KERK EN STAAT

3.1 NUWE STAATKUNDIGE BEDELING

3.1.1 Besluit 2004 (Besluiteregister F.2.1/15)

Die Algemene Sinode het in 2004 'n duidelike en omvangryke besluit geneem wat die optrede van die Moderamen gerig het:

- 1. Die Algemene Sinode spreek dit as sy oortuiging uit dat die NG Kerk die roeping het om op die grondslag van Bybelse waardes deel te neem aan die openbare gesprek wat ten doel het om 'n beter samelewing vir almal in Suid-Afrika tot stand te bring.*
- 2. Die Sinode beskou dit as die eerste verantwoordelikheid van die kerk om self 'n model te wees van 'n gemeenskap wat die Bybelse waardes wat hy verkondig, uitleef.*
- 3. Die Sinode oordeel dat die NG Kerk in die huidige oorwegend liberaal-demokratiese bestel in Suid-Afrika 'n meer inklusiewe benadering behoort te volg wat die humanisering van die samelewing en die optimale beskerming van lewe ten doel het. In hierdie inklusiewe benadering is daar ruimte vir ander waardestelsels naas die morele waardestelsel, word die samewerking gesoek van ander rolspelers wat hulle vir 'n beter samelewing beywer en word die welsyn van almal in Suid-Afrika nagestreef.*
- 4. Die Sinode oordeel dat 'n gedeelde Christelike visie van 'n goeie samelewing in Suid-Afrika onontbeerlik is vir die effektiewe en verantwoordelike deelname van die kerk aan die openbare gesprek oor samelewingskwessies.*
- 5. Die Sinode gee opdrag aan die ADL om die samewerking van ander kerke te soek in die formulering van 'n gemeenskaplike Christelike visie van 'n goeie samelewing in Suid-Afrika.*
- 6. Die Sinode onderskryf die Handves van Menseregte vervat in die Suid-Afrikaanse grondwet vanweë die raakpunte wat dit met Bybelse waardes vertoon. Die onderskrywing van spesifieke interpretasies en toepassings van die Handves van Menseregte bly egter onderhewig aan die mate waarin dit met Bybelse waardes ooreenstem.*
- 7. Die Sinode aanvaar dat die regering in die huidige liberaal-demokratiese bedeling nie sonder meer beleid en wetgewing op eiesoortig Christelike oortuigings kan baseer nie, maar dit moet baseer op wat in die Grondwet, en meer spesifiek in die Handves vir Menseregte, vervat is.*
- 8. Die Sinode versoek die ADL om sterker amptelike betrokkenheid by die wetskrywende proses van beide provinsiale en nasionale parlemente moontlik te maak.*
- 9. Die Sinode gee opdrag aan die ADL om ondersoek in te stel na maniere waarop die effektiwiteit van die NG Kerk se skakelwerk met wetgewers en deelname aan die Nasionale Godsdienstvereniging en die Nasionale Godsdienstleiersforum bevorder kan word.*
- 10. Die Sinode bevestig dat radikale morele vernuwing slegs moontlik is op die grondslag van die verlossing in Jesus Christus. Die Algemene Sinode ondersteun egter die Morele Vernuwingsbeweging wat deur die regering geïnisieer is, aangesien dit aan kerke die ruimte bied om 'n eie bydrae te lewer tot 'n beter samelewing in Suid-Afrika. Die ADL word versoek om reëlings te tref om die NG Kerk se aktiewe en effektiewe deelname aan die Morele Vernuwingsbeweging te verseker.*
- 11. Die Sinode versoek die ADL om 'n ad hoc-kommissie te benoem om ondersoek in te stel na 'n omvattende en geskikte program vir die toerusting van lidmate in gemeentes tot nakoming van hul persoonlike morele verantwoordelikheid in die samelewingsverbande waarin hulle betrokke is.*
- 12. Die Sinode beskou dit as die taak van die kerk om deur deelname aan die openbare gesprek oor samelewingskwessies die morele konsensus in die samelewing te verskuif om dit meer in ooreenstemming met Christelike waardes te bring.*
- 13. Die Sinode moedig lidmate aan om vanuit 'n Christelike perspektief deel te neem aan gespreksvoering in die media oor samelewingskwessies. Kerkbode en Lig word versoek om die deelname van lidmate aan hierdie gespreksvoering te stimuleer (bv deur 'n gereelde rubriek oor samelewingskwessies).*

3.2 NATIONAL RELIGIOUS LEADERS FORUM (NRLF)

*1 Die Moderamen was deur sy verteenwoordigers in die NRLF (drr Coenie Burger en Kobus Gerber) op kontinue wyse in gesprek met die regering asook jaarliks met die President.

*2 Dr Coenie Burger is lid van die Uitvoerende Komitee van die NRLF en dr Kobus Gerber het 'n leidende rol in die *Working Committee* gespeel wat as adviesliggaam vir die UK asook die volle NRLF gedien het. Die NRLF het die *Working Committee* intussen ontbind.

*3 In die afgelope twee jaar kon 'n Memorandum van Verstandhouding tussen die regering en godsdienegroepe onderteken word tov die verskaffing van hulp aan mense wat swaarkry. Daar is ook ooreengekom dat godsdieners die inisiatief neem vir die moontlike daarstel van 'n *Moral Charter/ Bill of Morals*. Gesprek is ook gevoer oor die *Moral Generation Movement* wat nie regtig van die grond kom nie. Dit is jammer dat nie een van hierdie drie sake regtig konkreet van die grond af kom nie.

*4 Die godsdieners is ook op die hoogte gebring van die ondersoek oor die makro-sosiale situasie in Suid-Afrika asook die *Accelerated and Shared Growth Initiative for South Africa (ASGISA)*.

*5 Daar is tans wye frustrasie oor die swak funksionering van die NRLF. Die NG Kerk se verteenwoordigers probeer hulle bes om die organisasie te laat werk.

3.2.1 Gesprek met politieke partye

*1 Daar was sedert die vorige Sinode kontak met die ACDP en die ANC rondom bepaalde sake.

*2 Die Moderatuur van Namibië het positiewe gesprekke gehad met die owerheid in die land. Die Moderamen het telkens met dank kennis geneem van die positiewe verslag van die verteenwoordigers van Namibië oor die rol wat die regering van die land aan die kerklike gemeenskap verleen.

3.2.2 Gesprekke met provinsiale regerings

Sinodes is deur die Moderamen versoek om die gesprekke plaaslik te hanteer. Dr Ben du Toit sal riglyne vir gesprekke verskaf.

3.2.3 Persoonlike morele verantwoordelikheid van lidmate

Die opdrag moet nog aandag geniet.

3.3 GESPREKSGROEP KERK EN STAAT

Dr Nelus Niemandt en prof Pieter Coertzen is aangewys om amptelik namens die NG Kerk by die gespreksgroep betrokke te wees.

3.4 DIE NG KERK EN DIE GRONDWET: DIE BETROKKEHEID VAN DIE NG KERK BY DIE WETSKRYWENDE PROSES VAN DIE NASIONALE PARLEMENT AS DEEL VAN DIE GETUIENISTAAK VAN DIE KERK

3.4.1 Die Moderamen het na aanleiding van die gesprek, en onsekerheid, wat ontstaan het oor die verhouding kerk-staat na die voorlegging aan die Parlementêre Portefeuljekomitee 'n beleidstuk goedgekeur as aanbeveling aan die Algemene Sinode. Die stuk verskyn as **Bylaag 1** by hierdie verslag.

3.4.2 AANBEVELING: DIE NG KERK EN DIE GRONDWET

Die Algemene Sinode keur die dokument *Die NG Kerk en die Grondwet* goed as beleidstuk van die NG Kerk. Dit geld ook as 'n uitgangspunt vir die werk van die Parlementêre Lessenaar.

4. SKAKELING MET DIE KAPELAANSDIENSTE

4.1 Die Moderamen het 'n Subkommissie Kapelaansdienste wat verantwoordelik is vir skakeling en rapport aan die Moderamen. Die NG Kerk het ook die voorreg om 'n verteenwoordigers te benoem op die *Security Services Christian Advisory Board*.

4.2 Die Kapelaan-Generaal van die SANW, ds Marius Cornelissen, en die Direkteur Godsdienessorg van die DKD, ds Hennie Human, is beide leraars van die NG Kerk. Ons is dankbaar dat leraars van die NG Kerk in hierdie posisies kan diens lewer.

4.3 Twee besondere sake wat die aandag van die kerkverband vra, is:

* die behoefte aan gemeentes wat dit positief sal oorweeg dat kapelane aan hulle gekoppel word, en

* bydraes van gemeentes aan die Kapelaansfonds waaruit die verspreiding van die boekie *Daily Devotions* aan weermagdele geskied.

4.4 AANBEVELINGS: KAPELAANSDIENSTE

4.4.1 Die Algemene Sinode versoek gemeentes om, waar hulle genader word om 'n kapelaan aan die gemeente te koppel, dit ernstig te oorweeg.

4.4.2 Die Algemene Sinode verwys die behoefte aan bydraes van gemeentes ten bate van die Kapelaansfonds na sinodes.

4.4.3 Die Algemene Sinode versoek sinodes om kapelane wat binne hulle grense werk, te betrek by die verskillende dienskommissies van die sinode.

4.4.4 Die Algemene Sinode besluit om die Subkommissie vir Kapelaansdienste soos volg saam te stel: 'n verteenwoordiger van elk van die vier kerke van die NG Kerkfamilie en 'n benoemde kapelaan van elk van die vier afdelings van die Veiligheidsdienste (SAW, SAPD, Korrektiewe Dienste, Nasionale Intelligensie), op eie koste. Indien die hoofkapelaan(e) van die NG Kerkfamilie is, word hy/sy/hulle benoem - indien nie, een van die leiersgroep van die betrokke afdeling wat 'n gelegitimeerde van die NG Kerkfamilie is.

4.4.5 Die Algemene Sinode besluit om 'n dienende kapelaan uit elk van die vier afdelings van die Veiligheidsdienste op die Taakgroep vir Diensgetuienis te benoem.

4.4.6 Die Algemene Sinode besluit om voort te gaan met sy steun en betrokkenheid by die Veiligheidsdienste Christelike Adviesraad deur middel van sy verteenwoordiger op die Raad.

5. MISDAAD EN GEWELD

5.1 Hierdie saak is deur die Algemene Sinode 2004 op die tafel van beide die Moderamen asook die ADD geplaas (Besluiteregister 2004 F.2.1/5):

1. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Algemene Diensgroep Leiers (ADL) om die hele kwessie van geweld en misdaad as hoë prioriteit op sy agenda te hou.

2. Die Algemene Sinode verwys die saak van geweldsmisdaad na die Diensgroep Diensgetuïenis met die opdrag om 'n omvattende strategie (na aanleiding van die Vigsstrategie) oor geweld en misdaad te ontwikkel met verslag en afhandeling deur die ADL.

5.2 Die Moderamen het deurentyd en op verskeie maniere aan hierdie pynlike en destruktiewe situasie probeer aandag gee:

5.2.1 Drr Coenie Burger en Kobus Gerber het gesorg dat die saak elke keer op die tafel kom wanneer die NRLF met die President samespreking voer

5.2.2 'n Gesamentlike verklaring hieroor deur die familie van NG Kerke wat wye positiewe reaksie uitgelok het:

KERKE DRING AAN OP AKSIE TEN OPSIGTE VAN DIE KULTUUR VAN GEWELD IN DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING

Terwyl ons as familie van kerke bewus is van die kompleksiteit van Suid-Afrika se misdaad- en geweldsituasie, het dié verskynsel in die laaste paar weke so toegeneem in omvang en intensiteit dat ons van die kerk se kant moet aandrang op ernstige hoëvlak-samesprekings en dringende aksie aangaande die saak.

Ons is bewus daarvan dat geweld en misdaad ernstige vlakke bereik in baie lande. Verder is ons ook daarvan bewus dat daar in ons eie situasie verskeie faktore is soos armoede wat die probleem vererger. Tog is dit nie regverdiging vir die omvang en intensiteit van misdaad wat ons tans sien nie.

Geweld tas die beginsel van menseregte ten diepste aan en bedreig die demokratiese Handves vir Regte wat fundamenteel elke individu beskerm.

Ons sien en ervaar die impak van passasiers wat op voorstedelike treine beroof word, naak uitgetrek, verneder en by treine uitgegooi word; stakers wat mense wat wil werk met bakstene aanrand; die hoeveelste polisie lid wat die afgelope weke in die Kaapstad-omgewing vermoor is; 'n jong kind, kleindogter van 'n regter, wat bloot deur inbrekers vermoor word; 'n plaasboer en sy vrou wie se voete in kookwater gedruk en voetsole afgesny word; diere wat vermink word; 'n rits mense wat die afgelope weke sinloos vermoor is sonder dat iets gesteel is; gesins- en huishoudelike geweld wat onder alle groepe en lae van die samelewing astronomiese afmetings aanneem; geweld teen vroue en kinders wat onomkeerbaar blyk te wees.

Die wese van ons demokrasie word ernstig bedreig. Mense wat geveg het vir vryheid en geregtigheid, is nie vry nie en ervaar nie geregtigheid nie. Vir ons as Christene kom die ganse boodskap van die Evangelie in gedrang.

Ons dring aan op gesprek met die owerheid ten einde indringend oor die saak in gesprek te tree. Terwyl ons waardering het vir wat gedoen word en begrip het vir die dilemmas waarmee die owerheid en wetstoepassers soms sit, hoor en sien ons nie 'n sterk genoeg “nee” vir misdaad en geweld nie. Die houding van “zero-toleransie” teen enige vorm van misdaad, hoe groot of klein is nie ferm genoeg nie.

Ons weet ook dat die owerheid nie op hul eie die hele probleem kan oplos nie. Ons sal as burgerlike gemeenskappe hieroor moet praat en verantwoordelikheid vir ons eie gemeenskappe moet aanvaar.

Ons is oortuig dat die Christene en kerke van hierdie land nie die situasie so kan laat nie. As familie van kerke wil ons onself verbind om saam met ander kerke en instansies te werk aan die vorming van 'n samelewing met duidelike en sterk morele en gemeenskapswaardes:

*1 Ons wil in gesprek gaan met ander kerke, Christelike organisasies en leiers van ander gelowe in verband met 'n beraad van godsdiensteleiers oor hierdie saak. By so 'n beraad kan gesamentlike strategieë bespreek en planne beraam word vir optrede.

*2 Ons wil ook met die ander kerke praat oor wyses hoe ons as gelowiges slagoffers kan ondersteun.

*3 Ons sal ook wil saam die ander kerke gesprekke met die owerhede – nasionaal en plaaslik – oor die saak wil voer. 'n Gesprek met die Minister van Veiligheid en Sekuriteit is dringend nodig.

*4 Ons gaan ook ons gemeentes vra om te besin oor wat hulle op plaaslike vlak aangaande die probleem kan doen.

*5 Ons gaan in die volgende weke, en veral in Pinkstertyd, voor God in gebed met hierdie saak staan.

Ons vertrou dat die saak van geweld en misdaad as 'n saak van uiterste belang bejeën sal word en dat alle partye aktief sal meewerk om dit op alle vlakke teen te werk.

Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA)
Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA)
Reformed Church in Africa (RCA)
Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK)

Mei 2006

5.2.3 Gemeentes is van 'n dokument met praktiese wenke oor hoe om aan die saak aandag te gee, voorsien.

5.2.4 Daar is wyd konsulteer met kundiges ten einde korrekte inligting te kan deurgee, oa met mnr George Fivaz, voormalige Kommissaris van die SAPD.

5.2.5 'n Ekumeniese konsultasie van kerkleiers is op 13 Oktober 2006 in Kemptonpark gehou vanwaar daar ook 'n baie sterk reaksie gekom het:

Declaration by Church leaders on violence and crime in South Africa

Leaders and representatives of most of the larger Christian churches in South Africa met on Friday 13 October in Kempton Park to discuss their collective responsibility before God regarding the worrying situation of crime and violence in South Africa. The leaders of the churches named below issue the following statement:

A GRAVE CONCERN

As leaders we are gravely concerned about the extent of crime and violence in SA and the way in which it is currently disrupting, smothering and violating our society. Close on 19 000 murders, 55 000 reported instances of rape and 500 000 cases of violent interpersonal crimes per year are absolutely unacceptable. What is particularly alarming is the increase in violent crimes: murders and attacks that are savage, excessive and ruthless. Now even schoolchildren kill each other, innocent bystanders die, children including babies are raped by people who clearly have no respect for human dignity or life.

Violence and crime destroys. It mutilates human lives. It undermines many of the wonderful things happening in our country. This epidemic of violence brings fear and negativity into our communities and stifles hope.

While we take note of the interpretation of the latest statistics given by the police and notwithstanding our appreciation for their efforts, it is clear to all of us that we are not winning this battle. On the contrary the facts show that particularly violent crime is increasing. The levels of violence and crime in our country are not normal, and any attempts to portray it as such are irresponsible and without credibility. Violence and crime can therefore not be handled merely as a routine administrative problem. We have to face the situation and accept that we have a crisis, otherwise the gains of democracy and the progress made over the last 15 years in this country will be destroyed.

As churches we can no longer stand by and watch while these things are happening. In the light of the Gospel we believe that all people are made in the image of God. We are therefore called upon to honour the dignity of all human beings and to value the life God has given each one of us. We also know that we have been called by Christ to be peacemakers and to help build peaceful, violence-free communities. So we believe that the time has come for us to take hands with all peace-loving people in our country to overcome this national problem. In the words of the statement *Building the Peace* issued by the Archbishop of Cape Town and other leaders, we wish to say that we have reached a *kairos* moment. We must act now or we may regret it for decades to come.

GOVERNMENT'S RESPONSIBILITY

As Christians we believe that the fight against crime and violence is in the first place the responsibility of the elected political leaders of a country. We believe that to them is given the primary responsibility to ensure good order and peace in a society. The citizens of a country have the right to expect the State to protect them against violent misdeeds. We realise that this is a complex and difficult task. Yet we remain convinced of the fact that we will make no progress in the handling of this problem if the Government does not accept its essential role in dealing with crime and violence.

We therefore urge the President as head of Government to take a firm lead in this matter. We see violent crime as a cancer that must be restrained and cured as soon as possible. If he does this, we believe that he will be able to count on the support of all reasonable citizens of our country.

A COMPLEX CHALLENGE

We are indeed aware of the extremely complex background and nature of crime and violence in South Africa. While we are convinced that ordinary criminality is at present the biggest problem we know that a series of other factors also play a role. South Africa's history has led to violence being part of our culture; we know that poverty and unemployment are major contributing factors; we believe that the large differential between rich and poor in South Africa inflames human desires and greed which can sometimes lead to crime and violence; we know that transformation – like the one we have experienced – can lure some people into lawlessness, corruption and greed; we also know that factors such as alcohol and drug abuse, disrupted family life and a weakening of moral values are bigger problems than people often realise.

The roots of criminality and violence are often even deeper than the factors mentioned above. The truth is that it is sometimes strengthened by practices and laws that are legally entrenched and that are viewed by many as being normal and right. It is also true that a community often creates its own criminals and perpetrators of violence. We are convinced that a deeper understanding of how criminality and violence in our society function is urgently needed and we would like to cooperate in efforts to try and understand the intricacy of the problem – and its solution.

We are also convinced that the extent and difficulty of these problems are such that no one institution in our country – the Government included – can solve this problem alone. All of us will have to help.

THE CHURCH'S PLEDGE

While we point out the responsibility of the Government to maintain law and order, we acknowledge that we as churches also carry an immense responsibility. We admit our own failures in this regard. Had we done our work with greater diligence and faith, the problem may well have been less severe today. As leaders we resolve to take up the responsibility in this regard with our congregations and congregational leaders. We believe that churches have an important role to play in:

- proclaiming the good news of Jesus Christ which should lead to the creation of a society built on love, peace, justice, and security;
- appreciation for the dignity of all people and the establishing of respect for others, their bodies and possessions;
- the formation of sound moral values in keeping the Gospel's understanding of what is right and wrong;
- the formation of healthy families;
- the caring for poor, needy and unemployed persons in a way that affirms their dignity;
- the development of people and even job creation where possible;
- offering help to people who are addicted to alcohol and dependent on drugs;
- offering support to victims of crime and violence and
- the rehabilitation and healing of law offenders.

We also believe that congregations can play an important role in the formation of healthy, violence-free local communities and we will call upon our congregations to take up this responsibility with other congregations in their area. This can be done by giving attention to specific social and community problems, by supporting the local police and hospitals and through regular discussions with local government officials. By doing this we can make a major difference.

We will ask our congregations to ensure that they give sufficient attention to all these matters in their ministry.

Because we understand our dependence on the Lord, we also ask congregations to pray regularly in their services for these matters. We want to request congregations to pray faithfully and persistently in 2007 for a peaceful and violence-free SA. While we ask the Lord for his presence and intervention we also begin to understand better our own responsibility.

A CALL FOR AN ALLIANCE

We are of the opinion that the extent and the complexity of the crime and violence problem are such that nothing less than a well-coordinated attempt from different sectors will be needed.

Therefore we declare that we will work towards the formation of a national alliance for a peaceful and violence-free South Africa. Over and above civil society (of which the Christian churches and other religious groups form a significant part), government, business and education should form part of such a national alliance. We remain convinced that Government should play a leading role in such an alliance.

It may be worthwhile to revisit our experience with the National Peace Accord of the early 1990s. We were then also in a situation where irresponsible, excessive violence (be it political at that time) threatened the future of the country. Through the Peace Accord and the purposeful organisation of strong action a crisis was averted and the wave of violence was turned around. We would be keen to discuss with other institutions the formation of a new Peace Accord through which we try to eradicate the brutal violence in our country by purposeful and united efforts.

As Church leaders we commit ourselves to work together in dealing with the alarming situation of crime and violence in our country and pledge to work with others to achieve this purpose.

“Blessed are the peacemakers: for they shall be called the children of God”(Math 5:9).

Bishop Ivan Abrahams (Methodist Church), His Eminence Cardinal Wilfred Napier (Roman Catholic Church), Dr Coenie Burger (NGK), Prof Thias Kgatla (VGKSA), Bishop David Beetge (Church of the Province of SA), Bishop NP Phaswana (Evangelical Lutheran Church in SA (ELCSA)), Dr Isak Burger (The Apostolic Faith Mission (AGS)), Dr Jerry Pillay (Uniting Presbyterian Church), Rev dr Prince Dibeela (United Congregational Church of SA), His Eminence Seraphim Kykotis (Greek Orthodox), Past Ray McCauley (IFCC: Rhema Church), Rev Angelene Swart (Morawiese Kerk in SA), Bishop Lunga Ka Siboto (Ethiopian Episcopal Church), Pastor Moss Ntla (Evangelical Alliance of SA), Mnr Eddie MaKue (South African Council of Churches), Leadership (African Methodist Episcopal Church), Dr AS van Deventer; (Full Gospel Church of God in SA), Dr HJ Smith (Afrikaanse Protestantse Kerk), Rev Colin La Foy (Assemblies of God), The Leadership (Baptist Convention of SA), Rev John Nolan (Baptist Union)
Rev R Armstrong (Calvin Protestantse Kerk), Bishop A Markos (Coptic Orthodox Church of SA), Bishop D Lijje (Evangelical Lutheran Church in SA), Ds Gerhard De Wet (Evangelies Geref Kerk van SA), Dr Neels Smit (Geref Kerk SA), Prof Johan Buitendag (Ned Hervormde Kerk), Ds L Lebone (NG Kerk in Afrika), Rev Victor Pillay (RCA), Ds Sidwell Carelse (Rynse Kerk), Commissioner Trevor Tuck (The Salvation Army), Rev Donald Katts (Volkskerk van Afrika)

10 November 2006

By die geleentheid is 'n Voortsettingskomitee aangewys om die prosesse verder te hanteer.

5.2.6 Na Oktober 2006 was daar twee konsultasies met die Minister van Veiligheid en Sekuriteit asook van sy LUR. Bepaalde beloftes wat aanvanklik positief ervaar is, het niks opgelewer nie. Die Moderatuur het in Januarie 2007 weer 'n sterk verklaring uitgereik aangesien daar niks van beloftes en pogings oor hierdie saak kom nie.

5.2.7 Die Moderamen het by sy vergadering in Januarie 2007 weereens (en soms met moedeloosheid) die saak van alle kante bekyk en die volgende besluit aan die kerkverband deurgegee:

3.1 Die Moderamen versoek die Moderatuur om voort te gaan om geweld en misdaad met woord en daad te bestry saam met ander kerke, die regering en ander rolspelers in die samelewing. Die optrede impliseer dat kerkrade, ringe en sinodes in hulle eie omgewing en op eie terrein ook hierdie verantwoordelikheid het;

3.2 Die Moderamen versoek sinodes om die volgende konkrete projekte teen geweld en misdaad in sinodale verband te bevorder:

3.2.1 die bou van morele waardes van die samelewing en elke individu, veral deur gesonde gesinne en gemeenskappe;

3.2.2 die bou aan die verantwoordelikheid van alle gemeenskappe om elke stukkie oneerlikheid, misdaad en die persoon betrokke te rapporteer aan die toepaslike owerhede met die genoegsame beskerming van persone wat rapporteer;

3.2.3 die bou van plaaslike netwerke teen misdaad en geweld tussen kerke, ander gemeenskappe (civil society) en die staat.

3.3 Tydens die Algemene Sinode word op hierdie probleem gefokus, bv deur die beskikbaarstelling van betroubare inligting asook die betoning van meegevoel aan slagoffers.

3.4 'n Lys van kerklike hulpmiddels en werkwyses om misdaad en geweld effektief te bekamp, word aan sinodes beskikbaar gestel vir deurgee aan gemeentes, bv die beoogde publikasies van die CLF in hierdie verband. Sinodes word ook versoek om gemeentes te wys op die literatuur wat by die SAPD in hierdie verband beskikbaar is.

3.5 Die Moderamen gee opdrag aan 'n ad hoc-kommissie om 'n studiestuk mdo op die komende Algemene Sinode voor te berei oor die gereformeerde teologiese beginsels betrokke by protes en verset teen geweld en misdaad, asook tov selfbeskerming.

4. Die Moderamen neem daarvan kennis dat Johann Ernst en Johan Pienaar aanbied dat die Sinode van Oos-Tvl en die Noordelike Sinode saam met die Teologiese Fakulteit UP hierdie opdrag sal uitvoer.

5.2.8 'n Opvolgberaad van kerkleiers is op 7 Maart 2007 in Kemptonpark gehou. Die kerkleiers het op 'n praktiese vierpunt-plan besluit wat in die media bekendgestel en aan alle kerke deurgestuurd is:

*1 Gemeentes is gevra om 'n deel van hulle eredienste op 1 April 2007 (Palmsondag) aan die saak van misdaad en geweld af te staan, en in besonder die saak in gebed voor die Here te bring. Wenke oor so 'n erediens is ook tot beskikking gestel.

*2 Ekumeniese byeenkomste in alle dorpe en stede na die dienste van 1 April 2007 (op die dag of daarna). Dit moet uitloop op gesprekke met die plaaslike owerhede en polisie.

*3 Christene is opgeroep om in dien tien dae tussen Hemelvaart en Pinkstersondag te vas oor hierdie saak.

*4 Nasionale Byeenkomste oor die saak word georganiseer in die groter sentra- ten minste in Kaapstad en in Soweto.

5.3 Vanuit die Catholic Bishop Conference het 'n beweging *Christians against Corruption* ontstaan. Daar is kontak met hulle en hulle fokus op die sakesektor.

5.4 Vergelyk ook die verslag van ADD pt 5.2 in hierdie verband.

5.5 Die Moderamen sal 'n laatstuk oor hierdie saak by die Algemene Sinode laat dien.

5.6 AANBEVELINGS: MISDAAD EN GEWELD

5.6.1 Die Algemene Sinode formuleer 'n mosie van rou en meegevoel oor alle Suid-Afrikaners uit alle gemeenskappe wie se Bybelse en grondwetlike regte hierdeur beroof is.

5.6.2 Die Algemene Sinode gee ter vergadering geleentheid vir 'n verootmoedigingsgeleentheid oor hierdie saak.

5.6.3 Die Algemene Sinode ontvang die verslag oor gereformeerde protes en verset as laatstuk.

6. GRONDHERVORMING

6.1 Die besluit van die Algemene Sinode 2004 (Besluiteregister F.2.1/7) lui soos volg:

1. In die lig van die roepingsverklaring van die Sinode en die huidige standpunt van die kerk oor grondhervorming, herbevestig die Algemene Sinode die oortuiging dat die kerk 'n profetiese en pastorale verantwoordelikheid het ten opsigte van die hele proses van grondhervorming.

2. Die Sinode versoek die Diensgroep Leiers om, as 'n saak van dringendheid, 'n taakspan aan te wys om deurlopend aandag te gee aan die praktiese uitvoering van hierdie verantwoordelikheid.

3. Riglyne 2002 - voeg by na pt 8:

Finalisering van elke oordragsproses moet so vinnig as moontlik geskied nadat daar tot bevredigende ooreenkomste gekom is en die hulp van die regering in dié verband moet ernstig gevra word.

6.2 Die Moderamen het op verskillende maniere aan die saak aandag gegee:

*1 Gereelde terugvoer uit die sinodale gebiede tov die situasie;

*2 Gereelde samesprekings met die georganiseerde landbou asook deurlopende kontak met alle fasette van die landbougemeenskap deur dr Thys Smith;

*3 Die saak is via die NRLF en die ontmoetings met die owerheid onder aandag gebring. Dit is ook op die tafel van die verskillende ekumeniese liggame waarby die NG Kerk betrokke is;

*4 Die Moderamen het sy subkommissie wat met die saak werk met die vergunning van die sinodes uitgebrei sodat elke sinodale gebied verteenwoordig is. Hierdie uitgebreide groep doen grondige navorsing ten einde verantwoordelik te kan reageer asook gemeenskappe verantwoordelik te kan begelei. Die verslag van die Taakspan dien as laatstuk voor die sinode aangesien hulle eers hulle werk teen die begin van April kan afhandel;

*4 Die Moderamen het in verklarings oor die saak reageer, oa oor die uitsprake van die Minister van Landbou oor die Kerstyd.

*5 Die onderskeie sinodes doen ook groot moeite met die betrokke saak.

6.3 Die Moderamen het in 2006 die volgende brief in die verband aan alle gemeentes gestuur:

3 Julie 2006

Geliefde Broers en Susters,

Groete in die wonderlike naam van ons opgestane Here, Jesus Christus.

Die Moderamen van die Algemene Sinode het by sy afgelope vergadering van 19-22 Junie 2006 kennis geneem van belangrike vrae wat daar by van ons lidmate en ander groepe is oor die huidige verloop van die Grondhervormingsproses in ons land.

Ons het in die gesprek weereens bewus geword van die sensitiewe aard van die saak en dat dit nie op 'n enkelvoudige wyse opgelos kan word nie. Dit is 'n komplekse vraagstuk wat 'n langtermynoplossing moet bied vir al die mense wat 'n hartsverbintenis en bestaansverbintenis aan grond het. Ons is ook daarvan oortuig dat die korrekte hantering van die proses van wesenlike belang is vir stabiliteit en vrede in ons land, vir die sekuriteit van baie mense en vir die skep van blywende goeie verhoudinge.

Ons kerk het in 2002 reeds sekere ononderhandelbare bakens vir 'n konstruktiewe proses geïdentifiseer. Grondhervorming moet

- *positief aangepak word as noodsaaklike en integrale deel van die nasionale versoeningsproses;*
- *met sensitiewe, omsigtigheid en nugterheid hanteer word;*
- *op 'n gesonde landbou-ekonomiese grondslag berus;*
- *nie 'n politieke speelbal gemaak word nie;*
- *'n gesonde juridiese basis hê;*
- *deel uitmaak van 'n omvattende ontwikkelingsprogram;*
- *met ekologiese oorweging rekening hou;*
- *billik en so ver moontlik markverwant wees;*
- *so gou moontlik afgehandel word.*

Die Moderamen is tans dringend besig om die huidige proses aan die hand van die bakens te beoordeel en sal na 'n verslag hieroor by ons volgende vergadering in Augustus gedien het, besluit oor die verdere hantering van die bevindinge. Dit word ook in die vooruitsig gestel dat lede van die moderatuur die betrokke minister gaan ontmoet.

Intussen wil die moderamen ons lidmate in die gebiede wat die meeste hierdeur geraak word verseker dat die hele kerkverband haar hande onder u wil hou in hierdie tyd (1 Kor. 12:26). Ons wil ook herbevestig dat die kerk 'n belangrike profetiese taak het en nie sal huiwer om helder en duidelik teenoor die staat en ander instansies te getuig indien die proses nie aan die hand van bogenoemde riglyne verloop nie.

Ons is diep daarvan bewus dat grond, soos alles wat ons het en is, 'n gawe van God is en daarom bid ons saam met U dat die Vader van ons lewe u in hierdie tyd sal help om nie moed te verloor nie, maar om ook in hierdie proses in die naam van Jesus, HOOP te bring en 'n VERSKIL te maak!

6.4 AANBEVELING: GRONDHERVORMING

Die Algemene Sinode ontvang die verslag oor grondhervorming as laatstuk.

7. ONDERWYS

7.1 Die Moderamen en die kantoor van die Algemene Sekretaris het van dr Gustav Claassen gebruik gemaak as adviseur.

7.2 Die Moderamen het waargeneem dat die IKOO nie meer sy funksie vervul nie en in oorleg met dr Claassen besluit om die vennote (lede van die TKR) te vra of die saak nie eerder as 'n subkommissie van die TKR kan funksioneer nie. Almal het ingestem en die TKR het dit ook goedgekeur.

7.3 Dr Claassen word ook as onderwyskundige betrek by die Konvent vir Reformatoriese Kerke.

7.4 Die ADGO het 'n bepaalde bedrag per jaar begroot om dit vir dr Claassen moontlik te maak om die ADGO met sy advies en kundigheid te bedien.

8. KOMMUNIKASIE

8.1 INLEIDING

8.1.1 Die Algemene Sinode van 2004 het opdrag aan die Taakgroep Kerklike Media (TKM) gegee om in samewerking met die Algemene Sinode Moderamen (ASM) 'n sisteem in plek te kry wat doeltreffend konsentreer op die interne en eksterne kommunikasie van die NG Kerk (NGK) en dit op datum te bring met die digitale kommunikasie-uitdagings van die moderne tyd. Dit het gelei tot die ontstaan van 'n Direkoraat van Kommunikasie.

8.1.2 Die bestuursproses is gefinaliseer waarin die Direkoraat van Kommunikasie onder die direkte toesig en in opdrag van die ASM funksioneer. Dit is terselfdertyd interafhanklik en geïntegreer met die ander media-aktiwiteite van die kerk wat op Wellington gesetel is.

8.2 VERTREKpunt EN IDEEAAL VAN 'N KOMMUNIKASIESTRATEGIE

8.2.1 Die Roepingsverklaring dien vir die Direkoraat as uitgangspunt in sy strategie tot 'n doeltreffende kommunikasiebedryf en daar is van die veronderstelling uitgegaan dat kommunikasie nie net die geïsoleerde taak van die kommunikasiedirekoraat is nie, maar inderdaad die opdrag van die hele kerk is. 'n Strategiese plan moet hiermee rekening hou.

8.2.2 As ideaal is gestel dat 'n kommunikasiestrategie van die NG Kerk die volgende praktyke in 2010 in plek sal hê:

*1 Die kerk sal in sy manier van kommunikeer die waardigheid van elke persoon as skepsel van God respekteer en bedag wees op sensitiewe taalgebruik as dit by geslag, ras en ander diversiteite kom.

*2 Alle lidmate, gemeentes, ringe en sinodes sal die belangrikheid van kommunikasie as voertuig van die evangelie erken. Hulle sal aan 'n kommunikatiewe kultuur werk wat meer deursigtig is en in terme van taalgebruik nie wêreldvreemd voorkom nie.

*3 Die vier kernwaardes van die Luisterseisoen sal algemene praktyk binne die kerk wees, terwyl die kerk se verbale en veral nie-verbale kommunikasie die boodskap van die evangelie en die waardes daaraan verbonde, sal verteenwoordig.

*4 Lidmate, maar ook die breë publiek, sal 'n redelike en feitlik-gebaseerde idee hê van wat dit beteken om 'n lidmaat van die NG Kerk te wees.

*5 Jong volwassenes sal opnuut die waarde van kerkverband besef, en weet wat die tradisie beliggaam en daarom, uit eie oortuiging, 'n sterker band met die NG Kerk behou.

*6 Die publiek sal gemaklik toegang hê tot die bronne van die NG Kerk en daarom hulle opvattinge en beoordeling van die kerk op verantwoordelike wyse, en nie net perseptueel nie, kan doen. Hulle sal ook sonder moeite met die kerk en al sy vertakkinge kontak maak en ontbrekende inligting en veral bedieningshulp, indien nodig, ontvang.

*7 Al die lidmate van die NG Kerk wat ver woon en moeilik by 'n plaaslike gemeente inskakel, sal op hoogte gehou word van ontwikkelings, projekte, besluite en ander inligting wat hulle verwantskap met die kerk versterk. Hulle sal ook deur die internet bedien kan word en geestelik ondersteun word.

*8 Die kerk se inligtingsdiens en al sy ander media-aksies sal beter gekoördineerd, meer doeltreffend en met groter professionaliteit bestuur word.

*9 Die kerk sal in kommunikasie-aksies belê omdat hy die noodsaaklikheid daarvan terdeë besef.

8.3 VISIE

Ons is 'n kommunikatiewe kerk

Die kerk is in wese 'n kommunikasiegebeure en is dus op grond van sy aard, roeping en aktiwiteite 'n kommunikerende gemeenskap. Die waarmerk van 'n kerklike kommunikasie-strategie lê daarin dat waar die kerk se stem gehoor word 'n bewussyn van 'n ander werklikheid - die werklikheid van God - ontstaan. Dit vind veral deur middel van evangelieverkondiging in sy omvattendste vorm plaas.

8.4 DIE BEDRYFSBEGINSEL

Vir die kerk is kommunikasie 'n bron en 'n geleentheid, 'n kreatiewe krag en 'n veranderingsagent.

8.5 UITDAGINGS EN DOELWITTE

8.5.1 Veranderende maniere van kommunikasie

Die tyd wat mense saam bestee, word minder en kommunikasie vind al hoe meer oor 'n afstand plaas deur middel van die koerant, radio, TV, internet, selfoon ens. Mobiele kommunikasie bevry kommunikasie van tyd- en plekgebondenheid en die internet word die primêre bron van inligting en 'n vinnige en doeltreffende kanaal vir onmiddellike interaksie. In die kerk was direkte kommunikasie nog altyd die belangrikste vorm van kommunikasie en dit verander nie. Die kommunikasie-omgewing daag die kerk egter nou ook uit tot 'n beter benutting van nuwe media.

8.5.2 Veranderende lidmaatsamestelling

Migrasie word 'n alledaagse verskynsel wat veroorsaak dat lidmate nie altyd gemeentegebonde bly nie en ook nie altyd by 'n vaste adres bereikbaar is nie. Hulle beskou hulleself egter steeds deel van die gemeente of die kerkverband en wil dus van die lidmaatskapsvoorregte gebruik maak. Watter band word met hulle behou, hoe word hulle gelowig toegerus en hoe vind geloofsvorming by hulle kinders plaas?

8.5.3 'n Groter, meer internasionale, multikulturele en godsdienstige Afrika vereis van die kerk om 'n gespreksgenoot op die markplein te bly en die unieke bevryding wat die evangelie inhou, tydig en ontydig, in alle tale en binne verskeie kontekste te verkondig. Die verhouding met die staat - wat godsdienstig neutraal moet wees - word ook ten diepste hierdeur geraak. Intergodsdienstige gesprekke word baie belangrik en gesamentlike optrede deur godsdienstige bewegings word in ons huidige opset onvermydelik. Hoe kommunikeer die kerk, sonder om sy identiteit te verloor in hierdie nuwe opset?

8.5.4 Godsdienstige supermark. Ons leef met 'n supermark vol godsdienstige oortuigings (Pick en Pray?). Dit vereis beter toerusting van alle lidmate sodat hulle hulle geloofsoortuiging kan verantwoord, in gesprek daarvoor kan tree en oor genoeg inligting beskik om gesaghebbend in die naam van Christus hieroor te praat. Hier speel identiteit 'n kardinale rol en word die versterking van 'n NG Kerk se korporatiewe identiteit van kardinale belang en 'n groot uitdaging vir die kerk in 'n toenemend individualiserende gemeenskap

8.5.5 Vervaging van denominasie- en gemeentegrense. Kerklidmaatskap is nie meer 'n bepalende faktor in die godsdiensoefening van lidmate, veral die jonger lidmate nie. Hoe bestuur die kerk dit, hoe bedryf hy hierdie vorm van ekumene en bewaar hy sy tradisie? Op watter manier kommunikeer hy belydenis en tradisie en vorm hy identiteitsverbandenheid?

8.5.6 Openbare beeld strem gesprek. Die NG Kerk se siening van homself en sy reputasie in die wêreld verskil in baie opsigte. Die NG Kerk word dikwels skepties bejeën wanneer hy hom losmaak van sy verlede en homself as 'n nie-rassige gemeenskap verklaar. Veral intellektuele, waaronder ook joernaliste, sluk swaar aan die kerk se verklaarde transformasie. Die kerk ly dus ook in sy openbare beeld onder hierdie stremende mentaliteit en word die uitdaging gestel om met die nodige integriteit sy identiteit in 'n nuwe Suid-Afrika kommunikatief oor te dra en homself van verdere marginalisering en stereotipering te vrywaar. Die NG Kerk-karikatuur moet deurbreek word en dit kan net geskied deur deursigtigheid en die blootstelling van meningsvormers aan die NG Kerk se gemeentelike aktiwiteite en gemeenskapwerk.

8.6 BRONNE EN VERANTWOORDELIKHEDE

8.6.1 Funksionele kommunikasie benodig voldoende bronne

Elke lidmaat en ampsdraer van die NG Kerk is individueel en gesamentlik verantwoordelik vir die funksionering van die kerk se kommunikasietaak. Daarom is daar die behoefte aan duidelike kommunikasie op alle vlakke van besluitneming. Voldoende fondse moet begroot word om hierdie diens te lewer en kommunikasiediensgroepe op alle vlakke van kerkregering moet in staat gestel word om kreatief te kan funksioneer en inisiatiewe te kan inisieer wat die Koninkryk van God binne 'n bepaalde opset en binne 'n bepaalde klimaat die beste te kan dien. Fondse is beperk, maar wanneer prioriteite gewee word, en kommunikasie word uitgewys as 'n sleutel-instrument in die uitvoering van ons getuienistaak, moet dienoreenkomstig begroot word. Hiervoor is die samesnoering van kragte en beursies, en die insette en ondersteuning van alle rolspelers, van deurslaggewende belang.

8.6.2 Verdeling van verantwoordelikhede

8.6.2.1 Die direktoraat van kommunikasie is nie die enigste rolspeler wanneer dit by die kommunikasie-uitdagings wat voor die kerk se deur lê, kom nie. Ten einde die kerk se kommunikasie so effektief as moontlik te laat gebeur, moet verantwoordelikhede helder gedefinieer word en rolle duidelik uitgeklaar word en elke lidmaat en ampsdraer sy bydrae lewer:

***1 Lidmate** bly die belangrikste vertolkers en kommunikeerders van die evangelie vanweë hulle daaglikse betrokkenheid by al die aktiwiteite van die samelewing. Dikwels is dit persoonlike gesprekke, voorbeeld en optredes wat die mees effektiewe vorm van kommunikasie is en wat entoesiasme oor die evangelie wek.

***2 Kerkrade** is ook in die proses onontbeerlike rolspelers en dra die verantwoordelikheid om hulle lidmate ingelig en toegerus te hou. Weerhouding van kerklike informasie in kerkverband of individualistiese gebruik van simbole bou nie die NG Kerk-gemeenskap op nie en versterk ook nie die gereformeerde tradisie en identiteit nie. Funksionele interne kommunikasie is die basiese voorwaarde vir geloofwaardige openbare kommunikasie. Gemeentekoerante of nuusbriewe, gereelde inligtingsessies, ens is belangrike instrumente in 'n kerkraad se hand.

***3 Ringe** het ook 'n belangrike rol om te speel binne 'n afgegrensde geografiese gebied en word toenemend belangrik in terme van hulle getuienis voor plaaslike regering en in die vorming van publieke beleid en dorpsontwikkeling, maar ook gesamentlike dienslewering in die gemeenskap.

***4 Dit geld ook Streksinodes** wat verantwoordelikheid dra vir die vesting van 'n bepaalde identiteit binne 'n bepaalde streek en die verkondiging van die evangelie op 'n gekoördineerde wyse moet bevorder. Sinodale nuusbriewe het hulleself al hier bewys as noodsaaklike en intens gewaardeerde kommunikasieskakels.

***5 Die Algemene Sinode** se kommunikasiedirektoraat speel nie 'n oorkoepende of kontrolerende rol nie, intendeel. Maar dit is saam met al die ander rolspelers verantwoordelik vir 'n **gekoördineerde kommunikasiebedryf** wat, waar nodig, kan help in die vestiging en uitbouing van die NG Kerk-identiteit, die beplanning en versorging van verskillende publikasies wat vir die funksionering van die verband nodig is, die verskaffing van inligting aan die publiek oor wie en wat die kerk is, die blootstelling van Jan Publiek aan die NG Kerk in breë verband en veral die stel van standpunte op die openbare platvorm. Alhoewel die voorsitter van die ASM en die Algemene Sekretaris van die NG Kerk primêr verantwoordelik is vir die openbare kommunikasie van die Algemene Sinode ten opsigte van beleidsake ens, vorm die Kommunikasiedirektoraat 'n ondersteunende rol wat help in die versameling van inligting en veral adviserend moet optree oor die beste vorm van kommunikasie binne 'n bepaalde konteks.

8.6.2.2 Die Kommunikasiedirektoraat is primêr verantwoordelik om die **kommunikasiestruktuur van die NG Kerk in Algemene Sinodale verband** doeltreffend te bestuur en sorg te dra dat die visie van 'n kommunikerende kerk waar word. In hierdie opsig het die direktoraat dus 'n koördinerende funksie en moet hy ten nouste met al die ander diensgroepe van die kerk saamwerk. Hier is die kerk se vennote soos Bybel-Media in besonder, en ander uitgewers soos Lux Verbi.BM, CUM ens, van onskatbare waarde.

8.6.2.3 Die kommunikasiedirektoraat is ook verantwoordelik vir die kerk se **kommunikasie op nasionale** en toenemend op **internasionale vlak**. Hiervoor is samewerking met die nasionale televisie, radiodienste, koerante en ander agentskappe wat die nuus dien, uiters belangrik. Die opbou van werksverhoudings, die gesamentlike inisiëring van programme en projekte, die voer van inligting, ens word 'n belangrike aspek van die direktoraat se dagtaak. Die direktoraat het die verantwoordelikheid om die kerk, as belangrike rolspeler in die gemeenskap, se teenwoordigheid in die sekulêre media te verseker en te konsolideer

8.6.2.4 Alhoewel die Kommunikasiedirektoraat nie self oor opleidingsbronne beskik nie, moet dit sorg dat **media-opleiding** plaasvind en uitgebou word in samewerking met ons kerk se eie opleidingsentra, ander godsdienstige organisasies en beroepgeoriënteerde opleidingsinstitute ten einde ons kommunikatiewe professionaliteit te verseker.

8.7 BETER BEPLANNING EN KOÖRDINERING TEN OPSIGTE VAN KERKLIKE KOMMUNIKASIE

8.7.1 Persoonlike kommunikasie

Die primêre verantwoordelikheid hier is die voorsiening van materiaal wat die lidmate en ampsdraers help om moderne kommunikasie te verstaan en tot voordeel van die Koninkryk van God te gebruik. Die

kommunikasievaardighede van voornemende predikante tov tradisionele en nuwe kommunikasiemiddele moet veral die voortdurende aandag van die kerk geniet.

8.7.2 Interne kommunikasie

*1 Goeie interne kommunikasie bemagtig alle rolspelers binne 'n organisasie, skep vertroue en sorg vir 'n goed funksionerende sisteem. In hierdie opsig het die kerk baie keer gefaal en was rolspelers afhanklik van sekulêre inligting oor wat by sinodes en ander kerlike vergaderings gebeur het. Die ondeursigtigheid het in die verlede dikwels tot wantroue in die leierskap gelei en moet nou met goeie kommunikasie bestuur word. Terselfdertyd moet die leierskap in noue voeling bly met wat in die harte van lidmate en gemeentes leef. Eenrigtingkommunikasie kan nie 'n wesenskenmerk van 'n gereformeerde kerk wees nie en stel dus die eis van 'n geïntegreerde spanpoging van plaaslike, streeks- en provinsiale kommunikeerders om die kommunikasiegapings hok te slaan.

*2 In hierdie opsig is afstandskommunikasie 'n goeie en direkte, vinnige hulpmiddel. Terselfdertyd is dit belangrik om te onthou dat afstandskommunikasie nooit 'n plaasvervanger van persoonlike kontak kan wees nie. Kommunikasie vind slegs sinvol plaas as inligting korrek deurgegee word, 'n interaktiewe gesprek daarvoor kan ontstaan en misverstande direk uitgepluis word. Hier speel die internet 'n onvervangbare rol en sal selfs selfoontegnologie gebruik kan word. Die kerk se webportaal gee in elk geval voortdurend opgedateerde inligting oor die Christelike geloof, die kerklike lewe en die kerk se aktiwiteite deur aan die besoeker.

8.7.3 'n Meer herkenbare visuele beeld van die kerk

'n Eenvormige visuele beeld maak die kerk as geheel net makliker herkenbaar en daarom behoort die kerk se visuele uitdrukking daarop gemik te wees om groter herkenbaarheid te bewerkstellig. Die langtermyn beplanning moet insluit dat alle grafiese uitdrukkings en voorstellings die identiteit van die kerk sal bevestig terwyl die visuele uitdrukking en veral die nie-verbale kommunikasie in harmonie sal wees met die waardes van die kerk en inderdaad die kommunikatiewe kultuur sal bevorder. Die gebruik van die NG Kerk se logo in die Luisterseisoen se grafiese materiaal is 'n goeie voorbeeld van wat moontlik is.

8.7.4 "Jong" kommunikasie

Vir die oordra van die tradisie van die evangelie, maar ook die voortbestaan van ons kerklike belydenis en tradisie, moet besondere aandag aan die jongmense van die kerk gegee word. Hier moet gekommunikeer word in die taal en media van die tyd. Die uitkoop van tyd op kommersiële televisie (met byvoorbeeld 'n program met gospelmusiek op MK89) en radiostasies, en die effektiewe benutting van mobiele kommunikasie (wat die basiese kommunikasiemedium van jongmense is), is die uitdaging wat op elke diensterrein van die kerk en op elke vlak van die kerkverband lê. Statistiek oor die jongmense van die kerk is dikwels ontstellend en die situasie moet onmiddellik aangespreek word. Leermateriaal en ander vormingsmateriaal oor bv aktuele onderwerpe moet liturgies, grafies en inhoudelik byderwets genoeg verpak word sonder om die waardigheid van die evangelie in gedrang te bring. Besondere kundigheid en professionaliteit word in die verband benodig.

8.7.5 Teenwoordigheid in verskillende media

*1 Volgens die roepingsverklaring is die NG Kerk 'n kerk in en van Afrika en is dus deel van die gemeenskap ter plaatse en is daar vir alle mense. Die openbare kommunikasie van die kerk sal daarom ook primêr op en deur die kommunikasiekanale plaasvind waar die publieke diskoers afspeel. Die kerk moet wees waar die mense is. Hoe duideliker die kerk se teenwoordigheid ervaar en gesien word, hoe groter is die moontlikheid dat die Christelike opsies bepalende gewig sal dra in die gemeenskap se keuse vir of teen bepaalde beleidsrigtings. Gemeenskapskoerante, plaaslike radiostasies en selfs TV-kanale is baie inskiklik om óf tyd af te staan óf tyd te verkoop aan kerklike instansies. Hierdie geleentheid moet deur die NG Kerk benut word.

*2 Internet-kommunikasie is strategies 'n belangrike doelwit in die ontwikkeling van 'n kommunikerende kerk alhoewel dit weer 'n keer beklemtoon moet word dat dit nie die afskaling van die meer tradisionele vorms van kommunikasie beteken nie.

8.7.6 Openbare debat as samelewingsgetuie of profetiese dialoog

Wanneer die NG Kerk in die openbaar praat, is die doelwit gewoonlik die bekendstelling van die Christelike geloof, standpunte en oortuigings. Die groot struikelblok vir kerklike openbare kommunikasie is gewoonlik geloofwaardigheid. Effektiwiteit van kommunikasie word verbeter as gelowiges 'n standpunt inneem wat interessant relevant en gegrond is binne die kerklike tradisie. Die kerk moet ook daarop konsentreer om nie in reaktiewe kommunikasie te verval nie, maar die agenda van die openbare vergaderings te bepaal deur met inisiatiewe te kom wat die breë gemeenskap kan dien, maar terselfdertyd ook die wil van God hiermee bekend maak. Hier is die rol van die Parlementêre Lessenaar byvoorbeeld van onskatbare waarde.

8.7.7 Omvattende netwerke

*1 Dieselfde boodskap, maar vanuit verskillende kommunikasiesiekanale versterk die boodskap. Die kerk se boodskap moet dus so breed as moontlik deur soveel mediakanale as wat daar is, gehoor word. In Suid-Afrika is daar 'n verskeidenheid van Christelike media-organisasies wat in hierdie verband vir ons itv netwerke baie belangrik is en voortdurend ondersoek moet word. Digitale TV-uitsendings word 'n morele, en nie net virtuele werklikheid nie, is bekostigbaar en kan deur die kerk in samewerking met ander media

instansies benut word. Spesiale navorsing oor nuwe tegnologie en die moontlikhede wat dit vir die kerk inhou bly 'n staande opdrag van die kommunikasiedirektooraat.

*2 Skakeling met instansies wat dieselfde doelstelling het, naamlik die verkondiging van die evangelie, moet verstewig word (byvoorbeeld Radiokansel) en ander kerkgenootskappe moet genader word om saam te werk. Die koop van 'n bylae waarin verteenwoordigers van die drie susterkerke sowel as die onderskeie lede van die NG Kerkfamilie bydraes gelewer het, was 'n goeie voorbeeld van wat bereik kan word.

8.8 HUIDIGE DIENSLEWERING EN TOEKOMSDROME VAN DIE DIREKTORAAT KOMMUNIKASIE

8.8.1 Inligting

Die Direktooraat Kommunikasie neem verantwoordelikheid vir die verskaffing van kernnuus oor onderwerpe van nasionale en algemene belang. Ons begin ook om die moontlikheid van 'n selfstandige nuuskantoor/agentskap te ondersoek en moontlik 'n nuusportaal te bedryf waar lidmate op hoogte gehou kan word van wat God wêreldwyd doen. Op die oomblik verskaf die Kommunikasiedirektooraat kernnuus aan Radiosondergrense en Radiokansel. Ons moet ook dikwels inligting aan joernaliste en nuuskieriges wêreldwyd verskaf oor wat ter plaatse aan die gebeur is.

8.8.2 Kerkkoerant

*1 Die NG Kerk beskik tans oor 'n kerkkoerant, *KERKBODE*, wat die funksie het om die kerk intern te bedien met inligting, amptelike berigte en geestelike opbou en probeer ook daarmee die gemeenskaplike identiteit onder lidmate te versterk. Belangrike sake geniet aandag en word beredeneer, korrespondensie oor kontensieuse sake word gepubliseer en diensgroepe kry die geleentheid om gemeentes oor hulle dienste en aktiwiteite in te lig.

*2 Alhoewel navorsing onder predikante aantoon dat *KERKBODE* in sy huidige formaat aan hulle verwagtings voldoen, word *KERKBODE* deur minder as 900 gemeentes bestel en het dit maar 'n oplaag van 28 000. Die ideaal dat lidmate behoorlik en korrek ingelig moet word oor wat in die kerk aan die gebeur is, en nie net deur die sekulêre pers nie, word dus nie bereik nie. Die klein oplaag veroorsaak ook dat die koerant moeilik selfstandig bedryf kan word en van subsidiëring afhanklik is. Verbetering en verandering van papier, formaat ens word ook deur gebrek aan die nodige kapitaal beperk. Die kerk sal ernstig moet besin oor die waarde van 'n koerant wat nie sy funksie genoegsaam vervul sodat elke lidmaat ingelig is en kan saam praat oor wat in die kerk aan die gebeur is nie. Bekostiging blyk uit navrae een van die groot redes te wees waarom *KERKBODE* nie vrylik deur kerkrade bestel word nie. Verskeie bemarkingspogings vanjaar het nie veel gedoen aan 'n verhoogde omset nie. Die oplossing moet elders gesoek word.

8.8.3 Gesinstydskrif

*1 *LIG*, die populêre tydskrif wat deur die NGK uitgegee word en wat die enigste, uitgesproke Afrikaanse Christelike Gesinstydskrif is, kry van oral lof vir sy inhoud, styl, vars aanslag en relevansie, maar word ook net deur dieselfde aantal gemeentes ondersteun.

*2 Op die oomblik is ons besig om die tydskrif in die openbare mark te vestig, as ons kerk se openbare getuieis wat populêr aangebied word. Dis soms die enigste kontak van kerkvervreemdes met die evangelie, en vorm dus 'n kerklike band met van ons lidmate wat in die buiteland woon.

*3 Indien ons as kerk ernstig is oor die morele herstel in die land en die bestryding van die geelpersoplewing in die land, behoort die tydskrif in elke Afrikaanssprekende huisgesin tuis.

8.8.4 Webwerf

*1 'n Belangrike skakel is ontwikkel met die daarstelling van die NG Kerk se interaktiewe webwerf. Al die sinodale korrespondente is opgelei en al die sinodes en diensgroepe skakel in by die portaal. Alhoewel alle tegniese probleme nog nie uitgesorteer is nie, word die webtuiste druk besoek.

*2 'n Geselsforum *kletskerk* is ook bedryf en is beskou as 'n verkennende poging om 'n openbare dialoog te voer oor die Christelike geloof. Die forum het baie reaksie gekry, is wyd en syd in die pers bespreek en is uiteindelik tydelik van die NG Kerk se webwerf verwyder. Hierdie was 'n belangrike oefening in die gebruikmaking van die moderne media en word inderdaad die markolein vir diskussie.

8.8.5 Tydskrif vir predikante

Kruisgewys, 'n tydskrif vir predikante, word reeds geruime tyd deur GDN uitgegee. Dit sal voortaan in samewerking met BM en die kommunikasie-direktooraat plaasvind.

8.8.6 Die Jaarboek van die NG Kerke

Hierdie publikasie is ook 'n produk van die Direktooraat Kommunikasie en word deur omtrent alle gemeentes en baie ander instansies gebruik as 'n inligtingsbron en databasis van die meeste NG Kerke. Ons hoop is dat die volgende uitgawe die gegewens van die hele NG Kerk-familie sal insluit en dus 'n volledige gids sal wees.

8.8.7 South African Christian Handbook

Die SACH word as 'n diens aan die kerklike gemeenskap in Suid-Afrika aangebied en probeer 'n samevattende oorsig gee van alle kerkgenootskappe in die land en al hulle fasiliteite en dienste. Die boek verskyn tweejaarliks.

8.8.8 Radio- en televisie-produksies

*1 Die belange van die verskillende groepe verbruikers moet in berekening gebring word in die maak van radio- en televisieprogramme.

*2 Uitsaaityd en die koste aan die maak van programme word net te duur vir die NG Kerk. Verskillende opsies om tog 'n tydsgleuf êrens op die radio en die televisie te kry, word gereeld oorweeg en behoort die ernstige aandag van die Algemene Sinode te geniet. Samewerking met ander instansies is hier dringend noodsaaklik en die ontwikkeling van 'n vervaardigingspan soos MEMA by Bybelmedia moet ondersteun en uitgebou word, as ons 'n impak op die godsdienstige en sekulêre mark wil maak.

*3 Digitale produksies en uitsendings is beslis goedkoper en makliker om te versprei. *Podcasting* en ruimtes soos *youtube*, ens bied geleentheid aan veral plaaslike gemeentes om die evangelie wêreldwyd te verkondig.

8.8.9 Advertensie en bemarking

*1 Alhoewel die woorde vreemd op kerklike ore val, is dit 'n belangrike element in die openbare bewusmaking van die evangelie en die kerk se werkplekke. Advertensie skep 'n beeld van 'n kerk en vestig op uiters doeltreffende wyse die aandag op kerklike standpunte en aktiwiteite, soos bv 'n VIGS-ondersteuningsveldtog. Die direktoraat kommunikasie moet die versigtige gebruik van die magtige media van tyd tot tyd oorweeg. Die Anglikaanse Kerk loods reeds 'n paar jaar 'n Kersfees-advertensieveldtog met groot sukses, sonder om in kommersialisering te verval. Bemarking van die kerk mag nooit die motivering wees nie, maar wel die verkondiging van die evangelie.

*2 Die direktoraat, in samewerking met Bybel-Media, bestee baie energie aan bemarking. Impakstudies, effektiewe veldtogte, ens word in die vooruitsig gestel en kan die kerk baie help in 'n effektiewe kommunikasiebedryf. Die NG Kerk was ook vanjaar naas die plaaslike gemeentes se aktiwiteite by die KKNK, teenwoordig waar *LIG* en Bybel-Media deur middel van verskillende aksies en die borg van produksies die Christelike getuieis gedien en seker gemaak het dat Paasfees nie ongemerk op die fees verbygaan nie.

8.9 AANBEVELINGS: KOMMUNIKASIE

8.9.1 Die Algemene Sinode herbevestig die noodsaaklikheid van kommunikasie en begroot vir die Direktoraat Kommunikasie en aanvaar die strategiese plan as breë riglyn waarmee die direktoraat moet werk.

8.9.2 Die Algemene Sinode dra dit aan die ASM en die TKM op om steeds te soek na groter koördinering van funksies en die beter benutting van mannekrag ten einde die interne en eksterne kommunikasiepotensiaal van die NG Kerk maksimaal te ontgin.

8.9.3 Die Algemene Sinode neem kennis van die beperkte oplaag van *Kerkbode* en dra dit aan die ASM op om alle moontlikhede tot beter interne kommunikasie te ondersoek en te implementeer.

8.9.4 Die Algemene Sinode ondersteun die bestaansreg van *LIG* en moedig alle gemeentes aan om die Christelike gesinstydskrif in Afrikaans te ondersteun, te bemark en by wyse van grootskaalse intekening te help uitbou.

8.9.5 Die Algemene Sinode begroot vir die instandhouding van die webwerf en dra dit aan die Direktoraat Kommunikasie op om die webwerf verder te ontwikkel en ook ander digitale kommunikasiemoontlikhede te ontgin.

DIE NG KERK EN DIE GRONDWET

(vir sinodes van die NG Kerk in Suid-Afrika, dus Namibië uitgesluit)

DIE KERK SE BETROKKENHEID BY DIE WETSKRYWENDE PROSES VAN DIE NASIONALE PARLEMENT (PARLEMENTÊRE LESSENAAR) AS KOMPONENT VAN DIE GETUIENISTAAK VAN DIE KERK

1. INLEIDING EN ALGEMENE UITGANGSPUNT

Dat die kerk 'n getuienistaak teenoor die staat het, staan bo alle twyfel. Dit is eie aan ons gereformeerde tradisie. Dit word gedoen op 'n teologies verantwoorde wyse vanuit die Skrif en Belydenis (Art 36 NGB). Alhoewel ons Grondwet in Suid-Afrika poog om 'n **skeiding** te maak tussen die terreine van staat en godsdien, doen ons as Gereformeerde dit nie. Dit is vanselfsprekend so dat daar **onderskei** sal word tussen die terreine en verantwoordelikhede van kerk en staat. Maar, die Bybel het nie slegs 'n woord te spreek oor die wyse waarop die kerk haar werksaamhede inrig nie. Die kerk het die Godgegewe plig om die Woord van God op elke terrein van die samelewing te laat val. Christene, ook in Suid-Afrika, kan en mag hulle nie aan staatkundige en regsprekende prosesse – aan die worsteling om tot beter oplossings en 'n meer regverdige bestel vir alle mense van die land te kom – onttrek nie. Daar is egter twee belangrike voorwaardes: (i) die eer van God en die heiligheid van sy Naam mag nooit aangetas word nie; en (ii) Christene moet in alle omstandighede volgens Bybelse eise optree en self eers die voorbeeld aan ander stel.

Terwyl die kerk se getuienis teenoor die staat en in die publieke sfeer verskillende komponente omvat, is dit uitermate noodsaaklik om bepaalde perspektiewe te stel oor die spesifieke aard van hierdie betrokkenheid van die kerk (dmv die Parlementêre Lessenaar) by die wetskrywende proses van die Nasionale Parlement.

2. DIE GESKIEDENIS

2.1 Die moontlikheid van hierdie betrokkenheid van die kerk by die wetskrywende proses van die Nasionale Parlement het sy finale beslag gevind by die onderhandelde staatkundige en politieke skikking wat bereik is met die totstandkoming van die oorgangsregering aan die begin van die 90tiger jare. Reeds in die 80tiger jare is die daarstelling van 'n Handves van Menseregte, ook in en om die kerk, bepleit. 'n Veral 'n verslag van die Suid-Afrikaanse Regskommissie in 1989, waarop ook die kerke kommentaar kon lewer, het die weg hiertoe gebaan. Tydens die onderhandelinge by Kodesa in 1991 is begin werk aan die daarstelling van 'n nuwe Grondwet vir Suid-Afrika, waarvan 'n handves van menseregte 'n integrale deel moes vorm. Met die aanvaarding van die nuwe Grondwet in 1996 is daar begin om deur middel van 'n konstruktiewe proses, wat kontitusioneel vasgelê is, die hele wetboek te herskryf in terme van die grondliggende waardes van en omskrewe regte vervat in die Grondwet.

2.2 Dit het nie alleen beteken dat sekere wette van die wetboek gehaal moes word nie, maar dat baie wette herskryf moes word - en uiteraard ook nuwe wette gemaak sou word - om uitdrukking te gee aan die Grondwet van Suid-Afrika. In die formulering van die nuwe Grondwet is daar, in die lig van die diverse kulturele en godsdienstige samestelling van die land se bevolking, doelbewus gekies vir 'n sekulêre (dus sover as moontlik 'n godsdien-neutrale) grondwet, geskoei op aanvaarde humanistiese (maar nie sonder meer nie-Christelike) uitgangspunte, waarin die gelykheid en menswaardigheid van alle mense in die Handves van Menseregte gestel is.

2.3 Oor die NG Kerk se beskouing van hierdie Grondwet en die nuwe staatkundige bestel het die Algemene Sinode van 2004 onder andere soos volg besluit:
(Besluit F.2.2/14)

14.1 Die Algemene Sinode spreek dit as sy oortuiging uit dat die NG Kerk die roeping het om op die grondslag van Bybelse waardes deel te neem aan die openbare gesprek wat ten doel het om 'n beter samelewing vir almal in Suid-Afrika tot stand te bring.

14.3 Die Sinode oordeel dat die NG Kerk in die huidige oorwegend liberaal-demokratiese bestel in Suid-Afrika 'n meer inklusiewe benadering behoort te volg wat die humanisering van die samelewing en die optimale beskerming van lewe ten doel het. In hierdie inklusiewe benadering is daar ruimte vir ander waardestelsels naas die morele waardestelsel, word die samewerking gesoek van ander rolspelers wat hulle vir 'n beter samelewing beywer en word die welsyn van almal in Suid-Afrika nagestreef.

14.4 Die Sinode oordeel dat 'n gedeelte Christelike visie van 'n goeie samelewing in Suid-Afrika ontontbeerlik is vir die effektiwiteit en verantwoordelike deelname van die kerk aan die openbare gesprek oor samelewingskwessies.

14.6 Die Sinode onderskryf die Handves vir Menseregte vervat in die Suid-Afrikaanse grondwet vanweë die raakpunte wat dit met Bybelse waardes vertoon. Die onderskrywing van spesifieke interpretasies en toepassings van die Handves vir Menseregte bly egter onderhewig aan die mate waarin dit met Bybelse waardes ooreenstem.

14.7 Die Sinode aanvaar dat die regering in die huidige liberaal-demokratiese bedeling nie sonder meer beleid en wetgewing op eiesoortig Christelike oortuigings kan baseer nie, maar dit moet baseer op wat in die Grondwet, en meer spesifiek in die Handves vir Menseregte, vervat is.

14.8 Die Sinode versoek die ADL (toe die benaming vir die ASM) om sterker amptelik betrokkenheid by die wetskrywende proses van beide provinsiale en nasionale parlemente moontlik te maak.

2.4 Rolspelers uit die Suid-Afrikaanse gemeenskap, soos die kerk, is dus genooi om deel te wees van hierdie konstitusionele-demokratiese proses - en so het die Christelike kerke geleidelik deur middel van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, asook die Katolieke Biskoppe-Raad, in 1998 tot hierdie proses toegetree. In 2000 het die NG Kerk tot die daarstelling van 'n eie kerklike parlementêre lessenaar gekom, toe die NG Kerk in SA (Sinode Wes-en Suid-Kaap) hulle Direkteur vir Kommunikasie (Dr Ben du Toit) in hierdie hoedanigheid aangestel het. Gaandeweg het hierdie werksaamheid ook een van die Algemene Sinode geword, veral toe daar deur die 2004-sinode amptelik besluit is om as kerk hierdie werksaamheid te ondersteun. Tans is dit 'n 50% pos van die Algemene Sinode, wat resorteer onder die Algemene Sekretaris en verantwoording doen aan die moderamen van die Algemene Sinode (ASM), sowel as die moderamen van die sinode van Wes- en Suid-Kaapland.

3. DIE NG KERK EN ANDER KERKE

3.1 Die PL tree ook op ten bate van die hele NG Kerkfamilie en Konvent van Reformatoriese Kerke - in terme van 'n ooreenkoms met hulle dat, indien hierdie ander kerke oor 'n bepaalde wet 'n eie voorlegging sou wou indien, dit hulle vry staan om te doen. Dit is ook dieselfde ooreenkoms binne die lidkerke van die SARK, waarvan die NG Kerk deel is. Dit sal veral gebeur wanneer 'n bepaalde stuk wetgewing oor teologies-etiese sake gaan waarvoor die verskillende kerke (moontlik) uiteenlopende standpunte het. Oor meer praktiese aangeleenthede, soos byvoorbeeld die Inkomstebelastingwet, die Wet op Toegang tot Inligting en die Eiendomsbelastingwet, was dit gewoonlik nie 'n probleem nie. Voorleggings word vooraf aan die toepaslike strukture van die verskillende kerke gestuur vir instemming of kritiek. Dit bly 'n ideaal dat soveel as moontlik kerke vooraf geken sou kon word in terme van moontlike expertise in hulle geledere, voordat voorleggings gemaak word. So 'n raadplegende proses is uitermate moeilik met die onseker en onvoorspelbare tydskele van die parlement aan die eenkant en die beperkte kapasiteit van die PL aan die ander kant (sien weer tweede deel van punt B4 hierbo).

3.2 Om hierdie werk te kan doen, maak die PL gebruik van die dienste van verskeie kundiges (teoloë, filosowe, sosioloë, regslui, grondwetkenners, ekonome) wat op 'n *ad hoc*-basis kosteloos hulle dienste aan die kerk bied. Hierdie persone is nooit 'n statiese groep nie, aangesien die aard van die wetgewing bepaal wie genader sal word vir hulp. Hierdie persone is ook nie noodwendig net NG Kerk-lidmate nie.

4. DIE EIE AARD VAN HIERDIE GETUIENISTAAK

Om die aard van hierdie werk te verstaan moet die volgende dus teen die agtergrond van bogenoemde sake in aanmerking geneem word:

4.1 Die deelname aan die wetskrywende proses is ons konstitusionele voorreg as kerk (wat 'n beduidende deel van die SA gemeenskap verteenwoordig). Dit was die aard van die uitnodiging aan alle sektore van die land: **kom help ons**, wie julle ookal is en wie se belange julle ookal verteenwoordig, om bestaande wette te herroep of te wysig of **nuwe wette vir die land te skryf in ooreenstemming met die onderliggende waardes en omskrewe regte van die Grondwet**.

4.2 Die beginsels waarvolgens die wetskrywende proses plaasvind, is in die Grondwet vasgelê (die Grondwet verskaf dus die raamwerk en reëls daarvoor).

4.3 Ons demokrasie in Suid-Afrika is dus NIE 'n meerderheidsdemokrasie nie, maar 'n **konstitusionele demokrasie**. Die hoogste gesag is die Konstitusionele Hof en nie die parlement nie. Dit is onder andere wat dit beteken dat ons 'n **regsstaat** is.

4.4 Ons grondwet **waarborg dus die regte van individue en kulturele, godsdienstige en linguïstiese gemeenskappe** - en neem daarmee die diverse konteks van die land in ag. Wat individue se godsdienste betref, is die reg op vryheid van gewete, godsdienste, denke, geloof en mening (Artikel 15) en die reg op vryheid van assosiasie (Artikel 18) gewaarborg. (Onder Artikel 15 word selfs voorsiening gemaak vir die daarstel van wetgewing om erkenning te verleen aan :”marriages concluded under any tradition, or a system of religious, personal or family law; or (ii) systems of personal and family law under any tradition, or adhered to by persons professing a particular religion.”)

4.5 Die kerk se betrokkenheid by hierdie proses het dus

4.5.1 **enersyds** ten doel om saam met ander rolspelers toe te sien dat Bybelse waardes soos menswaardigheid en geregtigheid, wat nie met die Grondwet in stryd is nie, en landsburgers se

godsdienstige regte, soos dit in die Grondwet vasgelê is en waar dit nie met die Bybel in stryd is nie, in wetgewing beslag vind en voldoende deur die toepassing van hierdie wetgewing verskans en beskerm word.

4.5.2 andersyds ten doel om toe te sien dat die eiesoortige karakter van die kerk in terme van sy eie standpunte en werksaamhede gehandhaaf kan word. Daarom word daar veral gekonsentreer op wette waar hierdie beginsels en uitgangspunte spesifiek ter sprake is.

4.5.3 uiteraard ook ten doel om 'n getuienis te lewer oor die kerk se (teologiese) standpunt oor 'n bepaalde saak in die Suid-Afrikaanse samelewing – ook teenoor die staat. Vir die kerk beteken dit **in die finale instansie** egter dat **die Grondwet nie hoër gesag het as die Bybel** nie. Indien daar iets sou wees in die Grondwet wat nie aanvaarbaar is vir die kerk nie, sou die kerk, soos enige ander rolspeler in die land, die Grondwet daarvoor kon uitdaag (Sien punt E3 hieronder).

5. DIE AARD VAN DIE GRONDWET

5.1 Uit die aard van die saak is geen grondwet werklik neutraal nie. Dit ondersteun 'n bepaalde waardesisteem - of gee daaraan uitdrukking. Vir die kerk sal die vraag belangrik wees of hierdie waardesisteem 'n bedreiging inhou vir die eie aard van die Koninkryk van God, al dan nie. Met ander woorde: in watter mate maak die onderliggende waardes van die Grondwet en die regte wat daaruit voorspruit dit onmoontlik vir die kerk om kerk te wees en te funksioneer volgens sy eie standpunte en beskouinge; in watter mate skryf dit die kerk voor om sy standpunte en optrede (aksies) te wysig sodat dit in konflik is met die beskouing van die betrokke geloofsgemeenskap? Alhoewel die terreine van kerk en staat geskei is in terme van ons Grondwet, is dit nie 'n waterdige een nie en moet daar dalk eerder verwys word as onderskeiding en nie skeiding nie. Omdat die staat sigself nie meer (soos aanvanklik) sien as 'n neutrale staat nie, maar wel as onpartydig, word daarmee onomwonde die belangrikheid van die rol van die kerk (godsdien) in die SA-samelewing erken.

5.2 Dit moet ook gestel word dat die Grondwet nie onaantasbaar is nie. Daar het al 'n aantal wysiginge aan die Grondwet gekom sedert 1996. Sou dit dus blyk dat die grondwet inbreuk maak op die vryheid van kerk om volgens sy oortuigings die Koninkryk van God te dien (sien punt E1 hierbo), het die kerk die reg om volgens 'n vasgestelde prosedure 'n proses tot wysiging van die Grondwet te begin. Tot dusver het geen wysigings egter plaasgevind in artikels wat die Handves vir Menseregte beskryf nie. Bepalings in die Grondwet kan dus wel gewysig word, indien 'n bepaalde neergelegde, konstitusionele proses deur die Kontitusionele Hof gevolg word.


5.3 Nog 'n betekenisvolle faktor in hierdie werk van die kerk is dat deurentyd onthou moet word dat die kerk hier nie met die regering in gesprek is nie, maar met die staat, dus met die parlement, waarin al die partye (en dus by implikasie al die landsburgers) verteenwoordig is. Hierdie onderskeid is ook veral 'n baie belangrike emosionele een, omdat daar dikwels gehoor word dat die kerk in hierdie werk die *regerende party* (ANC) ter wille wil wees. Dit is dan ook die aard van die portefeulje-komitees, voor wie voorleggings gemaak word, dat hulle samestelling meer-partydig is.

NOU: Hierdie betrokkenheid van die kerk is bykomend tot en beskik oor 'n eie soortige karakter as die ander komponente van die publieke getuienis van die kerk (publieke teologie, as mens sou wil). Die getuienis van die kerk teenoor die staat behoort ook neerslag te vind in ander funksies, soos byvoorbeeld die National Religious Leaders Forum (NRLF); die amptelike mondstuk van die kerk (Kerkbode); verklarings deur die moderatuur (moderamen); uitsprake deur die kerkleiding in sy verskillende kontekste; kontakte met ministers, parlamentslede en staatsamptenare - op nasionale vlak, maar ook op provinsiale vlak - en heel konkreet op plaaslike (munisipale) vlak waar gemeentes deur middel van hulle ampsdraers en gemeentelede die roeping het om die evangelie op die markplein te bring - en toe te sien dat die waardes en norme van ons geloof sover dit vir ons moontlik is tot uitdrukking kom.

Die verhouding tussen kerk en staat in die Suid-Afrikaanse samelewing is dus 'n komplekse aangeleentheid waarby die onderskeie vergaderinge, ampsdraers en amptenare van die kerk op eiesoortige manier betrokke is (moet wees). Dit sal dus help om in die gesprek oor die PL die unieke aard van hierdie werksaamheid konsekwent in aanmerking te neem. In ondergaande diagram word hierdie saak van die kerk/staat-verhouding grafies voorgestel – en dit sou goed wees as alle betrokkenes sover as moontlik die perspektief wat dit voorstel sal ondersteun en so na buite kommunikeer.

KERK/STAAT DIAGRAM

Met klem op die getuienistaak van die kerk in die publieke sfeer, waarvoor beleid en riglyne deur die Moderamen/Algemene Sinode vasgestel word.



A.2.2 VERSLAG VAN DIE ALGEMENE DIENSGROEP DIENS EN GETUIENIS: OPENBARE GETUIENIS

1. OPENBARE GETUIENIS AS DEEL VAN DIENS EN GETUIENIS

In die uitvoering van die opdragte van die vorige sinode het die Diensgroep onder die indruk gekom dat talle opdragte ook 'n openbare getuienis-kant het. In die besinning oor die opdragte het dit verder duidelik geword dat die openbare getuienisplig van die kerk op drie vlakke moet geskied naamlik die plaaslike gemeenskap, die streek of provinsiale vlak en nasionaal. Dit is ook duidelik dat hierdie funksie veel eerder in die ekumeniese verband uitgevoer moet word. Die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis het begin met 'n studie oor openbare getuienis as deel van Diens en Getuienis. Die doel van die studie is om praktiese riglyne te ontwikkel vir gebruik deur gemeentes.

2. KERK-STAAT VERHOUDING

2.1 Die kerklike maatskaplikedienstprogramme van die sinodes het sedert die totstandkoming van 'n afsonderlike staatsdepartement vir Maatskaplike Welsyn in 1937 noue bande met die staat ontwikkel. Aangesien die programme gemeenskapsbediening is, word dit in die gemeenskap gesien as deel van die maatskaplike welsyns- en ontwikkelingssektor. Net soos ander welsynsorganisasies funksioneer die kerklike maatskaplikedienstprogramme ook binne die staat se statutêre en beleidsraamwerke en om effektiewe dienste te kan lewer is 'n funksionele verhouding met die staat en positiewe, instaatstellende wetgewing en beleid nodig.

2.2 Daar is egter groot kommer oor die wyse waarop die ontwikkeling van die nasionale beleidsraamwerk vir maatskaplike welsyn en -ontwikkeling vorder. Behalwe dat die vordering op die gebied traag is, is die ad hoc manier waarop dit gebeur ontstellend. Dit veroorsaak dat verskillende beleide nie by mekaar aansluit nie en soms teenstrydig is. Die Diensgroep is daarvan oortuig dat hier 'n geleentheid is waar die kerk nie net haar openbare getuienisfunksie moet vervul nie, maar aktief kan saamwerk om oplossings te help vind vir die samelewingsprobleme, 'n aangeleentheid waartoe die kerk haar in die Verklaring (2002) verbind het. Alhoewel die ADD via die Kerklike Maatskaplike Dienste Raad betrokke is by die gesprek oor maatskaplike welsyn en ontwikkeling, behoort dit nie losstaande te wees van die breë gesprek tussen die Kerk en die Staat wat op die terrein van die Moderamen en die parlementêre lessenaar lê nie. Die ADD is van mening dat dit ook 'n saak is wat deur die verenigde NG Kerkfamilie hanteer moet word.

3. KAPELAANSDIENSTE

(Handelinge 2004:366 pt.8.10.2)

Die Algemene Sinode dra ook die NG Kerk se verantwoordelikheid vir skakeling en samewerking met die kapelaansdienste oor aan die Algemene Diensgroep Diensgetuienis en die AKGA.

3.1 Die Diensgroep kon nog nie vorder met die opdrag nie. Tot dusver het die Moderamen die skakeling met die Kapelaansdienste hanteer. Gesprekke oor hoe om die opdrag die beste te hanteer, is tans tussen die Diensgroep en die Moderamen aan die gang. Die behoefte aan beter skakeling is ook in die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis deur van die ander kerke in die NG Kerkfamilie geopper en die ADD oordeel dat 'n forum, waarin verteenwoordigers van al vier kerke in die NG Kerkfamilie dien, die beste instrument sal wees om die opdrag uit te voer.

3.2 AANBEVELING: KAPELAANSDIENSTE

Die ADD ondersteun die aanbeveling van die Moderamen rakende die samestelling van die Subkommissie vir Kapelaansdienste (vgl A.2.1 pt 4.4.4)

A.2.3 VERSLAG VAN DIE ALGEMENE DIENSGROEP ONDERSTEUNINGSDIENSTE: *OPENBARE GETUIENIS*

A.2.3.1 VERSLAG VAN DIE TAAKSPAN KOMMUNIKASIE EN MEDIA

Die ideaal om al die media-aktiwiteite van die NG Kerk onder een dak te verenig, het in die afgelope jaar baie suksesvol verloop en dié lang gekoesterde ideaal is byna volledig afgehandel. Die voorsitter van die Taakgroep vir Kommunikasie en Media, ds Bobbie Scherrer, het hierin 'n leeu-aandeel gehad.

Ds Hans Linde het afgetree as Uitvoerende Hoof van Bybel-Media. Pieter Fourie het in sy plek gekom met die posbenaming Direkteur: Media. Hy is oorhoofs verantwoordelik vir die vyf departemente van Bybel-Media (Publikasies, Elektroniese Media, Missionêre Gerigtheid, Fondswerwing, Administrasie-en-Finansies). Hy funksioneer ook as die Uitvoerende Hoof van Bybel-Media Handel, die handelsafdeling van Bybel-Media.

Tydskriftemaatskappy ressorteer ook onder die Taakgroep Kommunikasie en Media en werk in 'n baie noue verband met Bybel-Media saam, alhoewel dit onder sy onafhanklike Hoof, Johann Symington, wat tegelykertyd ook Direkteur: Kommunikasie is, bedryf word.

1. BYBEL-MEDIA – GEDRUKTE PRODUKTE

Bybel-Media het in 2000 al sy uitgewers- en publikasieaktiwiteite aan Lux Verbi oorgedra, en die onderneming Lux Verbi.BM is gestig. Sedertdien het Bybel-Media se aandeelhouding (wat dit saam met die Wes-Kaapse Sinode in Lux Verbi.BM gehad het) vanaf 50 persent tot 14 persent verminder. Vanaf 2006 het Bybel-Media weer 'n eie publikasie-afdeling. Daar bestaan egter steeds 'n ooreenkoms met Lux Verbi.BM waarvolgens sekere titels gesamentlik uitgegee word.

In die afgelope finansiële jaar (April 2006 tot Maart 2007) het die twee instansies 15 titels gesamentlik die lig laat sien (en in die vorige 5 jaar gemiddeld 10 titels per jaar).

Die grootste gedeelte van Bybel-Media se totale spandering, naamlik 28% (wat nie drukkoste insluit nie), gaan nog steeds vir die ontwikkeling, subsidiëring en die fasilitering van boekprodukte.

1.1 UITGEWERSAKTIWITEITE VAN APRIL 2006 TOT MAART 2007

Titel	Kategorie
Ek wil U dien Here	Diakens (herdruk)
God praat – Leef luisterryk [1] (proef)	Seisoen van Luister
God praat – leef luisterryk [2] (proef)	Seisoen van Luister
NGTT 47 1&2	Teologie
* Waar is my geliefde wat gesterf het?	Geloofshulp
* Nahum (SBG-reeks)	Kommentaar
* Die gebed van Salomo	Gebed/ Christelike lewe
* Neem, lees!	Bybelhulp
God praat – leef luisterryk [1]	Seisoen van Luister
God praat – leef luisterryk [2]	Seisoen van Luister
* Ontmoetings met die lewende God	Bybelstudie
* Engele as gaste?	Christelike lewe
* Numeri (SBG-reeks)	Kommentaar
* 'n Handvol wind	Kommentaar / Geloofshulp
* Bybel vir die Lewe (24/7)	Bybelstudie vir jong mense
* Jesus – 'n roman	Fiksie
NGTT 47 3&4	Teologie
* Wie was Jesus regtig?	Geloofshulp
God praat – leef luisterryk vir vergaderings	Seisoen van Luister
* Openbaring vandag	Bybelhulp/Bybelstudie

* First look at the Christian Faith	Kinders
* Wat glo Christene?	Kinders
God praat – leef luisterryk vir stiltetyd	Seisoen van Luister
God praat – leef luisterryk vir families	Seisoen van Luister
God praat – leef luisterryk vir gesprek oor sensitiewe onderwerpe	Seisoen van Luister
Ons is nou hier	Gemeente-ontwikkeling
Handboek by die erediens	Formuliere en liturgieë

Die boeke gemerk met * is almal in samewerking met Lux-Verbi.BM uitgegee. Volgens die nuwe uitgewersooreenkoms met Lux Verbi.BM, word die voorwaardes vir samewerking baie duideliker as vantevore uitgestippel. Die hoofdoel is steeds om Christelike en teologiese titels teen 'n bekostigbare prys op die mark te plaas. Anders egter as wat tot nou toe die geval was, sal Bybel-Media in die toekoms deel in die bemarkingsvoordele en 'n bepaalde persentasie van enige netto-wins wat so 'n gesamentlike publikasie mag oplewer. Bybel-Media se eie publikasies is primêr vir kerklike doeleindes, en daarom sal produkte wat só uitgegee word op dié stadium slegs by Bybel-Media Handel (Bybel-Media se handelsafdeling) beskikbaar wees, en nie by ander kleinhandelaars nie.

1.2 KATEGESEMATERIAAL EN -FASILITEERDER

Die ontwikkeling van kategesemateriaal val onder die Taakgroep vir Kategese van die ADGO. Die bekostiging en verkoop van dié produkte rsorteer egter onder Bybel-Media. Gevolglik stel Bybel-Media die geld vir die ontwikkeling van nuwe kategeseprodukte beskikbaar. Bybel-Media begroot ook vir 'n 50%-pos vir 'n persoon om in 2007/8 die doelstellings van die kategese binne die NG Kerk te bevorder. Ten spyte daarvan dat hulle rakleefyd aan die verbygaan is, bly die huidige Jeugfokus-produkte verreweg een van Bybel-Media Handel se beste verkopers.

1.3 TEOLOGIESE TYDSKRIF NGTT

Hoewel die redaksionele inhoud heeltemal onafhanklik is, is Bybel-Media aktief betrokke by die produksie van die teologiese tydskrif NGTT. Danksy dié betrokkenheid het die verspreidingsyfer van dié blad reeds 500 eksemplare per keer oorskry – voorwaar 'n prestasie vir 'n teologies-akademiese tydskrif op Afrikaans!

1.4 KRUISGEWYS

Verder het Bybel-Media geld beskikbaar gestel vir die uitgee van Kruisgewys, 'n populêr-teologiese blad wat dit saam met die Gemeentedienstenetwerk (GDN) die lig laat sien. In 'n nuwe gedaante verskyn hierdie blad sedert 2007 weer.

1.5 CHRISTELIKE LEKTUURFONDS (CLF): VERKOOPBARE PRODUKTE

Alle produkte wat die Christelike Lektuurfonds (CLF) verkoop (uitgesluit die gratis Christelike brosjures), is nou ook deel van Bybel-Media se handelsafdeling.

1.6 KOLPORTEURSDIENS

Bybel-Media weer 'n aktiewe kolporteursdiens op die been gebring waarby gemeentes landswyd direk met die beste Christelike boek- en elektroniese produkte bedien word, en die kolporteurs self 'n kommissie op verkope verdien. Die beste titels van alle Christelike uitgewers in Suid-Afrika kan dus op dié manier op elke dorp of stad landswyd verkry word. 'n Deeloproepnommer, e-pos of direkte Internet-bestellings by 'n byderwetse webtuiste is geskep, en posversending is gratis.

1.7 ANDREW MURRAY PRYSFONDS

Bybel-Media bestuur die gesogte en prestigeryke Andrew Murray-Prysfonds, wat jaarliks die Andrew Murray-prys vir Afrikaanse teologiese en Christelike lektuur toeken, en sedert 2007 ook die Andrew Murray-Desmond Tutu-prys vir Christelike lektuur in nie-Afrikaanse Suid-Afrikaanse tale.

2. ELEKTRONIESE AFDELING (MEMA-MEDIA)

As gevolg van die geweldige spoed waarmee Suid-Afrikaners die tegnologiese ontwikkelings omhels, het die aanvraag vir Bybel-Media se elektroniese departement se dienste insgelyks ook toegeneem.

2.1 MEMA-MEDIA

Die behoefte aan elektroniese produkte, veral in DVD-formaat, groei fenomenaal. Mema-Media, die NG Kerk se elektroniese diensarm, het in die afgelope jaar 'n aanvraag na sy dienste gehad wat die kapasiteit soos dit tans bestaan, redelik maksimaal benut. Nogtans was dit 'n wonderlike voorreg om dié kundigheid en diens ten bate van die kerk en die koninkryk te kon aanwend.

Die afgelope finansiële jaar het die volgende produkte die lig gesien:

- DVD Vigsopvoeding in verhaalvorm, in drie verdere inheemse tale

No More Tears - Ithemba Lisekhona (Zulu)

No More Tears - Uthando Olumangalisayo (Xhosa)

No More Tears (Tswana) – in proses gedurende die verslaggewing

- DVD-reeks Rob Bell se optredes op Stellenbosch
- DVDs oor maatskaplike knelpunte vir die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit
- Interaktiewe CD-rom Vriende van God (vir kinders)
- DVD-stel *Luister, Doelgerig, Diensbaar* (Malan Nel)
- DVDs vir Luisterseisoen (Luisterlied / Aktuele temas)
- DVD *Ontmoetings met die Lewende God* (Coenie Burger)
- DVD *Gereedskap vir Geestelike Leierskap* (Braum Hanekom)
- Korporatiewe DVD vir Bybel-Media
- Korporatiewe DVD vir Christelike Lektuurfonds se 50ste bestaansjaar
- DVDs vir konferensie: Verantwoordelike Vernuwings, Stellenberg
- DVD vir herinwyding van Belhar Belydenisgedenkmonument
- DVD van die stigting van gesamentlike Ring van Stellenbosch
- DVD vir IAM Productions
- CD-stel Orrelbegeleidings: Liedboek van die Kerk
- Voorbereidende werk met ADGO en Taakspan: Seisoen van Luister vir verdere spesifieke DVDs
- Voorbereidende werk met IMAGO vir 'n DVD-stel vir persoonlikheidsbou en huweliksberading.

Die werk van Mema het dermate gegroei dat voorsien word dat vir die 2007/2008-finansiële jaar dit die tweede hoogste spandering van enige Bybel-Media-projek sal geniet – en dat dié besteding steeds sal toeneem.

'n Nuwe komponent wat in dié afdeling bygekome het, is die replisering van CDs en DVDs. Dit veroorsaak dat elektroniese produkte wat vir die kerk gemaak word, teen veel goedgekooper as die koste in die ope mark geproduseer kan word.

Alhoewel Mema-Media volledig by Bybel-Media as 'n afdeling geïntegreer is, het dit sy eie Adviesraad. Dié Adviesraad het ook lede uit die familie van NG Kerke met wie die NG Kerk in 'n eenwordingsproses is.

2.2 INTERNETBEDIENING

Tydens die verslagskryfproses was Bybel-Media besig met die inkorporering van die aktiwiteite van C-Web by Bybel-Media. 'n Tegnologiesbestuurder is aangestel om al die tegniese aspekte rondom webontwikkeling en e-handel te bestuur en leiding te gee tov die jongste tendense in die gebruik van die moderne tegnologie vir die verkondiging van die evangelie. Van die vernaamste webwerwe waarna omgesien word, is Kerkweb, Bybel-Media, Kerkbode, Lig, Kletskerk, Christene/Christians en Lux-Verbi.BM. Die gesamentlike besoeke aan hierdie webwerwe is baie goed. Bybel-Media se webwerf is primêr gerig op die bekendstelling van die organisasie en sy produkte en die verkoop daarvan. Christene.co.za speel 'n baie groot pastorale rol, met honderde navrae tov persoonlike probleme.

3. MEDIABEDIENINGE: MISSIONÊRE GERIGTHEID

Dr Hennie van Deventer is in die afgelope jaar as die hoof van hierdie afdeling aangestel, nadat ds Attie van Wijk geëmeriteer het. Van Deventer was byna 28 jaar in Malawi, voordat hy na Bybel-Media toe gekom het. Die onkoste van sy pos word op 'n 50%-basis tussen Bybel-Media en die CLF gedra. Hy verrig ook funksies vir die ADD.

Missionêre projekte met 18% van totale spandering, maak dit die derde grootse begrotingsitem van Bybel-Media. As die spandering vir Studentedienste en die Nehemia Bybelinstituut, wat ook onder Van Deventer ressorteer, bygetel word, word die totale begroting vir hierdie departement 28%, gelykstaande aan dié van Publikasies.

3.1 DIE NEHEMIA BYBELINSTITUUT

Die NBI lewer 'n geweldig belangrike diens aan die onafhanklike kerke mbt die toerusting van leiers; en in 'n mindere mate ook aan ander gemeenskappe. Dis geakkrediteer by die Instituut vir Kontekstuele Teologie aan die Universiteit Pretoria. Dis egter 'n feit dat die kursus nie wyd genoeg bemark word nie.

'n Belangrike nuwe ontwikkeling vind tans in KwaZulu-Natal plaas, waar gemeentes in die ring van Ladysmith besluit het om die NBI-kursus te gebruik om kerkleiers ter plaatse vir bedieningswerk op te lei. Dié stap word genoodsaak deur 'n akute tekort aan predikante in die VGK, en selfs die NGK. Die

predikante in die area (VGK en NGK) sal met goedkeuring van hulle kerkrade die opleiding fasiliteer. Hulle sal gereelde kontakklasse aanbied. Vir hierdie doel word die kursus tans in Zoeloe vertaal (in Suid-Afrika was dit tot op hede net in Afrikaans en Engels beskikbaar).

Die Instituut het vanjaar (2007) 489 aktiewe studente. In die vorige finansiële jaar is 2 069 toetse ontvang en nagesien, en 89 diplomas uitgereik.

3.2 STUDENTEDIENSTE

Bybelkor-kursusse gaan tans na 241 gevangnisse landwyd en bereik sodoende ongeveer 192 000 mense onder korrektiewe toesig. Die kursusse word gratis aan individuele gevangenes voorsien, maar ook aan godsdiensterkers wat Bybelstudiegroepe daarmee lei.

Dié diens het in die 2006/7 finansiële jaar 11 847 Bybelkor-kursusse aan gevangenes voorsien. 6 576 toetse is nagesien en sertifikate uitgereik.

Van die gevorderde kursusse wat in Bybelstudies opgeneem is, is 635 ontvang en nagesien, en 576 Bybelkor-sertifikate uitgereik.

3.3 PASTORALE BERADING

Statistieke vir die afgelope finansiële jaar is:

- Briewe van NBI-studente beantwoord: 44 op Afrikaans; 218 op Engels.
- Briewe ogv ander kursusse: 522 op Afrikaans; 476 op Engels. Op Xhosa, Zoeloe, Suid-Sotho, Tswana en Noord-Sotho, altesaam meer as 1000.
- Vrae beantwoord van NBI-studente: 122 op Afrikaans; 315 op Engels.
- Briewe ogv ander kursusse: 849 op Afrikaans; 727 op Engels; altesaam amper 1300 op Xhosa, Zoeloe, Suid-Sotho, Tswana en Noord-Sotho.
- Vrae beantwoord dmv die Bybel-Media Forum op die Internet: 131 op Afrikaans, 28 op Engels.

3.4 GOEIE NUUS MEDIA

Uit 'n missionêre oogpunt is die GNM se materiaal 'n belangrike hulpbron. Spanne gebruik dit met sukses op korttermynuitreike. Met die hulp van kleurvolle prente en die "plastiekdominee" (kassetspeler), dra dit die Evangelie tot by die mees afgeleë plekke waar niemand dalk kan lees nie. Tans word die materiaal ook verwerk vir gebruik as Sondagskoollesse.

Produkte wat die afgelope finansiële jaar gratis (of teen minimale koste) voorsien en versprei is (afgesien van materiaal wat by Bybel-Media Handel verkoop is aan uitreikgroepe en so meer):

• Kassette (met verskillende opnames vir ongeletterdes)	593
• Kassetspelers	160
• Boekies	86
• Flitskaarte	419
• Drasakke	40

3.5 BIBLECOR-LANKA EN BIBLECOR INDIA

Langer as 20 jaar reeds is Biblecor Lanka en Biblecor India besig om die Evangelie deur die boekie "*New Life – for you!*" te versprei. Daarin verduidelik prof Krishna die Bybelse boodskap van verlossing teen 'n Hindoe-agtergrond. Pastoor Sam Selva Raj se storie oor die omvang van hierdie bediening in Indië klink soos 'n sprokiesverhaal. Die werk, wat aanvanklik deur die sg Wêreldsending van die Wes-Transvaalse Sinode begin is, word vandag byna uitsluitlik deur Bybel-Media befonds.

4. SIKLIESE PRODUKTE

Tydskriftemaatskappy is verantwoordelik vir sikliese produkte (dit wil sê tydskrif- en koerantmateriaal wat op gereelde basis verskyn):

4.1 KERKBODE EN LIG

4.1.1 Gemeentebestellings: 2007

Gemeentes is met 'n insentief van twee skootrekenaars aangemoedig om groter bestellings vir Kerkbode en LIG te plaas. Die wenner is onderskeidelik:

*1 NG Gemeente Springbokvlakte (die gemeente wat vir die grootste persentasie van sy belydende lidmate Kerkbode sowel as LIG ontvang); en

*2 NG Gemeente Primroseheuwel (die gemeente met die grootste persentasie verhoging in hulle bestelling - aantal belydende lidmate is ook hier in ag geneem).

Kerkbode: aantal bestel (soos op 19 Maart 2007)

26 548 (teenoor 26 536 in 2006 - *vermeerdering* van 12)
797 gemeentes bestel Kerkbode (potensiaal: 1 175)

LIG: aantal bestel (soos op 19 Maart 2007)
17 980 (teenoor 18 527 in 2006 - *vermindering* van 547)
461 gemeentes bestel LIG

Profiel van respondente

Aantal respondente: 857 (teenoor 835 in 2006)
Aantal gemeentes wat 2006-bestelling gehandhaaf het: 557
Aantal gemeentes wat bestelling van Kerkbode en/of LIG verhoog het: 206
Aantal gemeentes wat bestelling van Kerkbode en/of LIG verlaag het: 95
Aantal gemeentes wat bestelling van Kerkbode en/of LIG gekanselleer het: 12

4.1.2 Enkelintekenare: Kerkbode en LIG (soos op 19 Maart 2007)

Kerkbode: 120 (teenoor 150 op 1 Maart 2006)

LIG: 1 346 (teenoor 742 op 1 Maart 2006)

4.1.3 Kleinhandelverkope van LIG (10 000 kopieë word in die kleinhandel versprei)

Junie 2006: **5 968**

Julie 2006: **5 456**

Augustus 2006: **5 819**

September 2006: **4 200**

Oktober 2006: **5 964**

November 2006: **5 519**

Des 2006/Jan 2007: **7 602**

Februarie 2007: **5 420**

4.1.4 ABC-syfer vir LIG

Die groei in enkelintekenare en rakverkope word in LIG se jongste geouditeerde ABC-syfer gereflekteer. Die ABC-syfers vir die vierde kwartaal van 2006 is op 14 Februarie 2007 bekend gemaak. LIG se syfer is: 26 184 - 'n groei van 1 591; oftewel: 6,47% (vorige syfer: 24 593). Die ABC-syfer is die totaal van gemeentebestellings, werklike kleinhandel-verkope en enkelintekenare.

4.2 JAARBOEK VAN DIE NG KERKE

Kopieë van Jaarboek 2007 verkoop (soos op 19 Maart 2007)

Boek: **2 778** (teenoor 2 800 in 2006)

CD: **104** (teenoor 55 in 2006)

4.3 NUUSKANTOOR

Die Tm-nuuskantoor verskaf:

* vyf dae per week 'n kerknuusbuletin aan Radiokansel; en

* een weeklikse kerknuusbuletin wat elke Sondagoggend net na die nasionale nuusbuletin om 07:00 op RSG uitgesaai word.

4.4 NUUT

LIG en Bybel-Media was vanjaar op groot skaal betrokke by die Klein Karoo-Nasionale Kunstefees op Oudtshoorn. Só het die program gelyk:

Kom ontspan: Kou kommervry en kla-vry fees! Bring jou kinders na ons "Roويمier-nes" - 'n veilige en betroubare kinderoppas- en vermaakdiens vir kinders tussen 3 en 10. Met "Roويمier-partytjies", 'n springkasteel, kuns-aktiwiteite, speletjies, poppekas en baie meer sal jou kind ook 'n ware fees-ervaring hê! Die "Roويمier-nes" is die duur van die fees (31 Maart - 8 April) beskikbaar in die biblioteeksaal aan Voortrekkerweg. Navrae: 082 754 3513.

Kom luister: LIG en Bybel-Media borg die Libertaskoor en Amanda Strydom se Misa Criolla & Navida Nuestra. Hierdie aangrypende vertolking van die Argentynse komponis, Ariel Ramirez, se bekende mis en geboorteverhaal van Christus, kan gesien word in die Burgersentrum, Sondag, 8 April om 10:00 en 18:00. Besprekings by Computicket.

Kom aanbid: Woon die spesiale fees-erediens op Sondag, 1 April, om 08:45, by. Dit vind plaas by die Huisgenoot-Paviljoen, Voortrekkerweg. Prediker: Dr Braam Hanekom, leraar van die NG Gemeente Stellenberg. Ontvang 'n gratis kopie van die April-uitgawe van LIG.

Kom beleef: Annalise Wiid span saam met Matthys Maree en Juanita Swanepoel vir die uitstekende Paasprogram, "Lig uit die Lig". In hierdie musiekteater-produksie klim Annalise in 'n seun se skoene. Die

seun klim op sy beurt weer in sy ma se skoene ... Saam sien hulle, vanuit die skemer van hulle mensverstaan, verwonderd, Lig uit Lig. Rêrig. Onpeilbaar. Vol troos. Woorde kan dit nie beskryf nie. "Lig uit die Lig" word Donderdag, 5 April - Sondag, 8 April, in die Onderwysgebou aangebied. Besprekings by Computicket.

Kom vier Paasfees: Kom geniet 'n verrykende en heerlike Paasnoenmaal op Goeie Vrydag (6 April). Johann Symington bring 'n Paasboodskap en sy jongste boek, *Dans in die storm*, word bekendgestel, Elise Bosch deel haar Hillbrow-ervarings en Annalise Wiid tree op as gaskunstenaar. Ontmoet ook "Grootseun"-skrywer Barend Vos. Bespreek voor 2 April 2007 by Jeanne Human by 021-864-8304 of 082 754 3513. Prys: R90 per persoon. *Besprekings is noodsaaklik!*

Kom kuier: Besoek ons uitstaltent op die gras voor die biblioteek (Voortrekkerweg) waar *LIG*, Bybel-Media Handel, CLF en die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) gedurende die fees sal uitstal. Kom kyk hoe Leerbybels gebind word en koop jou Leerbybel teen 'n spesiale prys.

4.5 KLETSKERK

Die skakels na die gespreksforum, Kletskerk, moes vroeër vanjaar vanaf die NG Kerk se webwerf verwyder word na klagtes en dreigemente oor die inhoud en taalgebruik. Kletskerk is as 'n verkennende poging om openbare dialoog oor die Christelike geloof te voer, bedryf en beskou. Die forum het baie reaksie gekry, is wyd en syd in die pers bespreek en was 'n belangrike oefening in die gebruikmaking van die moderne media en word inderdaad die markolein vir diskussie. Kletskerk word nou voorlopig onafhanklik van die NG Kerk se webwerf bedryf tot verdere gesprek daarvoor gevoer is. Die ASM het hom ook verbind tot 'n gespreksforum op die kerk se webwerf.

4.6 NOG NUUS

*1 Kerkbode het met die eerste uitgawe van die nuwe boekjaar (27 April 2007) 'n nuwe baadjie aangetrek. Die moontlikheid om die koerant op beter papier te druk, is onder meer ondersoek en Media 24 is ook heroorweeg as drukker.

*2 TM se advertensie-werwing vir Kerkbode, LIG, die Jaarboek van die NG Kerke en die South African Handbook is vanaf 1 November 2006 nie meer aan Christen Netwerk-Media uitgekonnekteer nie. Twee onafhanklike werwers doen nou die advertensie-werwing op 'n kommissiebasis van 16,5%. Die advertensie-inkomste bly van uitgawe tot uitgawe riskant, maar die nuwe reëling werk goed deurdat heelwat geld bespaar word.

*3 Lindi Uys - wat in 2006 by Tm aangestel is om die bemerking van veral Kerkbode en LIG te hanteer, is vanaf 1 Maart 2007 in diens van Bybel-Media en is nou vir die hele mediagroep se bemerking verantwoordelik.

*4 Die *South African Christian Handbook* verskyn later vanjaar.

4.7 DIREKTORAAT KOMMUNIKASIE: NGK

Die verslag van die Direkoraat Kommunikasie dien onder die ASM, maar word hier aangeheg (Bylae 1).

5. HUGENOTE-BYBELINSTITUUT

Dié Instituut bied een- en tweejaar-korrespondensiekursusse op na-matriekvlak aan. Dis geakkrediteer by die Instituut vir Kontekstuele Teologie van die Universiteit Pretoria. 'n Nuwe kursus oor traumabereding blyk baie populêr te wees, en die kollege het tans 220 aktiewe studente.

Ondersoek word reeds ingestel daarna om die volle kursus en die aflegging van eksamens via die Internet te hanteer.

6. FONDSWERWING

Ds Hans Steyn het in die afgelope finansiële jaar as die nuwe hoof van hierdie afdeling begin. Danksy baie individue, gemeentes, ringe en sinodes wat met groot entoesiasme die werk van Bybel-Media ondersteun, kon dié afdeling in die afgelope finansiële jaar meer as 10 miljoen Rand insamel. Veertig persent van omset word as 'n baie aanvaarbare persentasie beskou vir die koste van fondswerwing. Dié afdeling se koste het egter nader aan 30 persent beloop.

Vir die nuwe finansiële jaar word net meer as 1 miljoen Rand begroot vir die daarstelling van die infrastruktuur van al Bybel-Media se projekte, en R6.1 miljoen vir die projekte self. Die begroting word aangeheg ten einde 'n prentjie te verskaf van TKM se rol in en bydrae tot die werksaamhede van die NG Kerk.

BYBEL-MEDIA

INKOMSTESTAAT

Inkomste

BEGROTING

2007/8

12,375,715

Donasies Ontvang	10,500,000	
Diverse Inkomste Ontwikkeling	10,000	
Liedboekantieme	100,000	
Mema Media: Pojekte	300,000	
Mema Media: Replisering	50,000	
Hugenote Bybelinstituut	80,000	
Rente ontvang Beleggings	279,845	
Internetadvertensieverkope	280,000	
Inkomste van BM Handel	687,370	
Eiendomskomste-verhaling	88,500	
Min: Fondswerwingskoste	4,095,000	39% van donasiegeld
Min: Advertensiewerwingskoste	50,000	
Subtotaal	8,230,715	
Min: Personeelkoste	1,115,215	
Salarisse Algemene Personeel	1,045,815	
Tydlike Personeel (algemeen)	25,000	
UIF (Mpy-bydrae: alle personeel, projekte ingesluit)	44,400	
Subtotaal	7,115,500	
Bedryfskoste	1,015,500.00	
Advertensies & Reklame	250,000.00	
Bankkoste	55,000.00	
Diverse Uitgawes	8,000.00	
Eiendomskoste	110,000.00	
Huur kantoortoerusting	85,000.00	
Internetkoste	15,000.00	
Kantoorbenodighede	70,000.00	
Kantoorverversings	30,000.00	
Konsultasiefooie	1,000.00	
Ledegelde	7,000.00	

Los Kantoortoerusting	10,000.00
Motorkoste	35,000.00
Onderhoud Rekenaartoerusting	18,000.00
Opleidingskoste	5,000.00
Ouditfooie	46,500.00
Posgeld	10,000.00
Regskoste	5,000.00
Reis- en Verblyfkoste	20,000.00
Skakelbord: Maandelikse huur	48,000.00
Telefoon en Faks	55,000.00
Versekering algemeen	32,000.00
Voorsiening vir Verlof	10,000.00
Waardevermindering op Vaste Bates	90,000.00

Bruto-surplus voor Mediaprojekte **6,100,000**

Min: Mediaprojekte **6,100,000** **Totaal per Projek** **% van totale spandering**

Elektroniese media

Mediaprojekte: Mema Media Bedryf	400,000		
Mediaprojekte: Mema Media	450,000		
Mediaprojekte: ADGO:DVD	110,000		
Mediaprojekte: Internetbediening	200,000	1,160,000	19%

Pastoraat

Mediaprojekte: Studentedienste	594,000	594,000	10%
--------------------------------	---------	---------	-----

Publieke getuienis

Mediaprojekte: KKNK	400,000		
Mediaprojekte: Sinodes	150,000		
Mediaprojekte: Borgskappe algemeen	5,000	555,000	9%

Publikasies

Mediaprojekte: Publikasies Bedryf	378,000		
Mediaprojekte: Publikasies Algemeen	300,000		
Mediaprojekte: Publikasies by Lux Verbi	275,000		
Mediaprojekte: Publikasies by NGKU	45,000		
Mediaprojekte: Publikasies Luisterseisoen			
Mediaprojekte: Publikasies ADGO	120,000		
Mediaprojekte: Publikasies Andrew Murray Prysfonds			
Mediaprojekte: Publikasies Kerkbode	300,000		
Mediaprojekte: Publikasies Kruisgewys	120,000		
Mediaprojekte: Publikasies NGTT	40,000	1,728,000	28%

Kategese

Mediaprojekte: Kategesefasiliteerder	250,000		
Mediaprojekte: Kategeseboek-ontwikkeling		350,000	6%

Kerkmusiek

Mediaprojekte: ADGO: Kerkmusiek	100,000	100,000	2%
---------------------------------	---------	---------	----

Missionêre projekte

Mediaprojekte: GNM Bedryf	450,000		
Mediaprojekte: GNM borgskappe gratis produkte			
Mediaprojekte: ADD en Missionêre Projekte			
Mediaprojekte: Sri Lanka	18,000		
Mediaprojekte: Indië	300,000		

Mediaprojekte: Ander Buitelandse Projekte		1,113,000	18%
Skoling en Toerusting			
Mediaprojekte: Hugenote Bybelinstituut (bedryf)			
Mediaprojekte: Nehemia Bybelinstituut (subsidie)		300,000	5%
Verantwoordelike spaar			
Aanvulling van Reserwefonds @ 10%	200,000	200,000	3%
Surplus / Kontroletotaal / Persentasie	0	4,940,000	100%

7. AANBEVELINGS : KERKLIKE MEDIA

7.1 Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die groot rol wat ds Bobbie Scherrer, voorsitter van die TKM, gespeel het om die verskillende mediabedieninge van die NG Kerk onder een dak te verenig en op 'n gesonde finansiële voet te plaas.

7.2 Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die positiewe ondersteuningsrol wat baie gemeentes, ringe en sinodes speel in die bevordering van die werk van Bybel-Media, en van die duisende donateurs landwyd wat hierdie werk finansiëel moontlik maak.

7.3 Die Algemene Sinode wil gemeentes en lidmate oproep om in hulle aankope van Christelike publikasies en elektroniese media eerstens die eiendomlike instansies van die kerk self te ondersteun.